

n ONDERSOEK NA DIE GELDIGHEID VAN DIE LIGGAAMS-
BEELDSKAAL VIR DIE BEOORDELING VAN PERSOONSTEKENINGE

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die
vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM
(SIELKUNDE)

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

deur

H.C. MARAIS
(HONNS. B.A., T.H.O.D.)

POTCHEFSTROOM
Desember 1964

BEDANKINGS

Hierdie verhandeling is in die eerste plek moontlik gemaak deur die goedgunstige samewerking van die groep eerstejaarstudente wat as toetslinge gedien het.

Sonder die simpatieke en doelgerigte leiding van dr. D.J.W. Strümpfer sou hierdie verhandeling sekerlik nie moontlik gewees het nie. Vir sy altyd optimistiese aanmoediging, voorgraads sowel as nagraads, kom my opregte dank toe.

Aan dr. C.F. Schoeman wat met tegniese hulp en raad gehelp het, moet ek ook my dank betuig. Vir die hulp wat mej. D.A. Turkstra en mnr. D.L. Grundlingh met die beoordeling van sekere toetse gegee het, betuig ek hiermee my dank.

Die hulp van die personeel van die Ferdinand Postmabiblioteek word waardeur.

Aan mnr. A.C. Greyling wat die verhandeling taalkundig versorg het, betuig ek my dank.

Hiermee wil ek ook mej. H.M. Harmse vir die netjiese tikwerk van die verhandeling bedank. Ek dank ook mnr. N.M. la Cock vir al die hulp wat hy gegee het met die oorlees van die verhandeling.

Ek kan nie nalaat om die onbaatsugtige aanmoediging, opoffering en morele sowel as finansiële steun aan die kant van my moeder en broer te waardeer en op prys te stel nie; baie dankie! Graag bring ek ook in herinnering my oorlede vader wie se onvermoeide aanmoediging die grondslag van my loopbaan gelê het.

Laastens, dank ek my eggenote vir haar voortdurende aanmoediging wat altyd 'n bron van inspirasie was.

H.C.M.

I N H O U D S O P G A W E

HOOFSTUK

BLADSY

LYS VAN TABELLE

1.	INLEIDING	1
	Liggaamsbeeld en Liggaamsbeeldver- steuring	1
	Liggaamsbeeld en Persoonstekeninge	9
	Probleemstelling	12
	Eksperimentele Veranderlikes	14
	Beoordeling van Persoonstekeninge	14
	Liggaamsbeeldversteuringskaal	21
	Kwaliteitskaal	27
	Kriteriumveranderlikes	33
	Rorschachskale	34
	Assosiatiewe Opnoeming	42
	Tachistoskopiese Liggaamsbeeldtoets	44
2.	METODE	49
	Proefpersone	49
	Toetsing	51
	Persoonstekentoets	51
	Kriteriumveranderlikes	53

<u>HOOFSTUK</u>	<u>BLADSY</u>
Rorschachinkvlektoets	54
Assosiatiewe Opnoeming	55
Tachistoskopiese Liggaamsbeeld- toets	56
Beoordelaars en Beoordelings	57
3. RESULTATE	59
Interbeoordelaarbetroubaarhede	59
Verbande met Kriteriumveranderlikes	59
Rorschachskale	61
Assosiatiewe Opnoeming	62
Tachistoskopiese Liggaamsbeeldtoets	68
4. BESPREKING VAN RESULTATE	72
Interbeoordelaarbetroubaarhede	72
Verbande met Kriteriumveranderlikes	74
Rorschachskale	74
Assosiatiewe Opnoeming	77
Tachistoskopiese Liggaamsbeeldtoets	82
Slotsom	85
OPSOMMING	86
SUMMARY	89
LITERATUURVERWYSINGS	92

HOOFSTUKBLADSY

BYLAE A:	VOORBEELD VAN TOETSBOEKIE VIR PERSOONSTEKENTOETS	100
BYLAE B:	LIGGAAMSBEELDVERSTEURINGSKAAL SOOS IN HIERDIE ONDERSOEK GEBRUIK	109
BYLAE C:	VOORBEELD VAN TOETSBOEKIE VIR RORSCHACHTOETS	111
BYLAE D:	RORSCHACHSKALE	114
BYLAE E:	TOETSBLAD VIR ASSOSIATIEWE OPNOEMINGSTOETS	117
BYLAE F:	FOTO'S IN DIE TACHISTOSKOPIESE LIGGAAMSBEELDTOETS	118

LYS VAN TABELLE

BLADSY

- TABEL 1: Interbeoordelaarbetroubaardhede en Spearman-Brown-korreksies daarvan vir Verskillende Tellings. 60
- TABEL 2: Vergelyking van Boonste en Onderste Groepe ten Opsigte van Rorschachtellings, deur middel van U-toets. 62
- TABEL 3: Vergelyking van Onderste Groep (O.G.) en Boonste Groep (B.G.) ten Opsigte van Name van Liggaamsdele wat Opge-noem is. 64
- TABEL 4: Frekwensie van Liggaamsdele waarby Gekombineerde Frekwensie van Onderste Groep (O.G.) en Boonste Groep (B.G.) Kleiner as 10. 67
- TABEL 5: Vergelyking van Boonste en Onderste Groepe ten Opsigte van Versteuringstellings, deur Middel van U-toets. 69
- TABEL 6: Gemiddelde tellings van Onderste en Boonste Groepe ten Opsigte van Versteuringsfoute aan die Linker- en Regterkant van Liggaam. 70

H O O F S T U K 1

INLEIDING

Liggaamsbeeld en Liggaamsbeeldversteuring

Die begrip „liggaamsbeeld“ is ’n teoretiese bousel wat algemeen voorkom in die literatuur oor persoonlikheids-funksionering, maar waaroor daar nie ’n groot mate van eenstemmigheid of helderheid bestaan nie. Uit verskeie besprekinge blyk dit dat liggaamsbeeld ’n aspek is van die persoon se hele psigologiese funksionering of, anders gestel, van die „self“.

Jersild omskryf die self as bestaande uit: „all that goes into a person's experiences of his individual existence“ (1960, p. 116). In die self onderskei hy drie komponente, naamlik die persepsuele, die konsepsuele en die houdingskomponente. Die persepsuele komponent beskryf hy as die wyse waarop die persoon homself waarneem en as die beeld wat hy van die voorkoms van sy liggaam het. Hy omskryf hierdie „liggaamsbeeld“ verder as:

.... the picture he has of the physical properties of his body, his appearance, including (as he perceives the situation) the figure he cuts in the eyes of others. This body image is not just a photographic impression; in common with all other aspects of the way in which a person views himself, it is likely to be colored by feelings and atti-

tudes" (p. 118).

Fisher en Cleveland (1958) gee die volgende definisie van die term „liggaamsbeeld“:

„Body image is a term which refers to the body as a psychological experience, and focuses on the individual's feelings and attitudes toward his own body" (p. x).

Hulle gaan dan voort en sê dat dit gaan om die subjektiewe ervarings in verband met die liggaam en die wyse waarop die ervarings gerangskik word. Die wyse waarop die individu die ervarings rangskik, bepaal dan verder ook hoofsaaklik die sisteem van standarde waarmee die wêreld deur die individu geïnterpreteer word.

Bennett (1960) stel liggaamsbeeld gelyk aan konsep of begrip van die liggaam, wat dan vir hom fenomene is wat n persoon sal gee as hy gevra word om sy liggaam te beskryf, op n vraelys te antwoord, of sy liggaam te teken.

In n oorsig van vroeëre neigings ten opsigte van die begrip „liggaamsbeeld" noem Fisher en Cleveland (1958) dat Freud van mening was dat n volwassene se liggaamsbeeld die finale produk van sy sukses en teleurstellings in die integrasie van sy lewenservarings is. Dit gaan dus om die aanpassing by die veranderde eise van elke nuwe area van dominante erogene sone. Jung en Rank veronderstel

weer dat die individu sterk behoeftes het om sy liggaam te sien as 'n inhoud met sterk verdedigingsmure, waarbinne die individu skuiling en beskerming kan vind in gevalle van gevaar.

„Liggaamsbeeldversteuring" is 'n term wat gebruik word om afwykings in die liggaamsbeeld aan te dui. Dit is 'n nuwe dimensie van die begrip liggaamsbeeld wat al hoe meer deur klinici ondersoek word. Die hipotese waarvandaan in dié geval uitgegaan word, is natuurlik maar net 'n variasie van die oorspronklike liggaamsbeeldhipotese: 'n persoon sal versteurings in sy psigologiese ervaring van sy liggaam projekteer, wanneer geleentheid tot projeksie sig voordoën.

Wanneer die eksperimentele metodes waarvolgens die liggaamsbeeld en versteurings daarvan ondersoek is, nagegaan word, word dit duidelik watter groot mate van verwarring daar ten opsigte van dié begrippe bestaan. Fisher het hom tydens 'n simposium dié opmerking laat ontval: „It is a gross oversimplification to talk of all these dimensions in terms of one concept" (1962, p. 260). Verskeie tipes meting kan onderskei word en moet waarskynlik gesien word as maatstawwe van verskillende aspekte van die beeld wat 'n persoon van sy liggaam het, of as belangrike kor-

relate van dergelike aspekte. Omvangryke ondersoek, waarby n omvangryke battery van metinge op dieselfde groep toetslinge uitgevoer word en die resultate daarna faktoranalities bestudeer word, sou waarskynlik n belangrike bydrae kan lewer om hierdie verwarring op te klaar.

By die verskillende metingsmetodes kan, eerstens die globale persepsuele aspek onderskei word. Die persoon se liggaamsbeeld kan afgelei word uit die wyse waarop die betrokke persoon voorbeelde van die menslike liggaam waarneem. Om dié aspek na te gaan word hoofsaaklik gebruik gemaak van die tachistoskopiese en aniseikoniese metodes. Tachistoskopies word foto's van normale sowel as verwronge menslike liggame aan n persoon vertoon. n Persepsuele situasie word sodoende geskep, wat genoeg gefokus is om response in verband met houdinge ten opsigte van die menslike liggaam te ontlok. Terselfdertyd is die stimuli vaag en wisselend genoeg om die individu n kans te gee om sy outistiese versteurings en verwringings te projekteer. Hoë tellings op sodanige maatstaf word dus veronderstel om aanduidings te wees van n swak liggaamsbeeld wat gekenmerk word deur werklike versteuring en verwringing. Die persoon se eie liggaamsbeeld geld dus as basis van vergelyking. Beantwoord sy eie liggaamsbeeld aan die werklik-

heidsnorme, dan sal sy waarnemings ook aan die vereistes van dieselfde norme voldoen. Fisher en Abercrombie (1958) het oorspronklik die tachistoskopiese metode gebruik.

Aniseikoniese lense word ook in hierdie verband gebruik om n situasie van versteurde waarneming te bewerkstellig, wat geleentheid bied tot projeksie van houdinge. Wanneer die verskil tussen die beelde vanaf afsonderlike oë groter is as die natuurlike verskil wat voortvloei uit die afstand tussen die pupille, ontstaan die visuele defek wat as „aniseikonia" bekend staan en waarby die groottes, vorms en afstande van voorwerpe versteurd voorkom. So-danige toestand kan kunsmatig bewerkstellig word met behulp van n stel afokale (aniseikoniese) lense wat slegs langs die meridiaan vergroot en die groottes en vorms van die twee retinale beelde in so n mate wysig, dat voorwerpe versteurd lyk (Wittreich, 1953 a en b). Wittreich en Radcliffe (1955) het van hierdie metode gebruik gemaak om liggaamsbeeldhoudinge te ondersoek deur persone te laat kyk na beelde van hulleself en van persone met afgesette ledemate.

Die aniseikoniese lensemetode is deur Fisher (1960) gebruik om n ander aspek van die liggaamsbeeld te ondersoek, naamlik dié van houdinge teenoor die regter- en linker-helptes van die liggaam. Wanneer n persoon na voorbeelde

van die twee liggaamskante (byvoorbeeld die regterduim teenoor die linkerduim) kyk, word ook 'n geleentheid vir projeksie geskep. Fisher meen dat hy by regshandige persone 'n indirekte verband tussen goeie aanpassing en die sien van die regterkant van die liggaam as groter as die linkerkant, aangetoon het. (Hier gaan dit ook om 'n persepsuele aspek van liggaamsbeeld, maar nie om die globale nie.)

Tweedens, is daar die „omhulsel“-aspek by liggaamsbeeldmetinge te onderskei. Fisher meen dat:

One of the first dimensions of body image that proved itself to have wide predictive value, had to do with how definite and firm the individual conceived his body boundaries to be (1960, p. 201).

Die manier waarop die individu die grens of periferie van sy liggaam ervaar, behoort belangrike inligting in verband met sy aanpassingsmeganismes te lewer. Om dié aspek verder te ondersoek, het Fisher en Cleveland (1958) die Rorschachinkvlektoets gebruik. Hulle het gevind dat die mate waartoe die individu sy liggaamsgrense as ondeurdringbaar ervaar, baie nou verband gehou het met die mate waartoe die betrokke persoon definitiewe grense aan die response wat hy op die inkvlekkie gegee het, toegesê het. Fisher en Cleveland het twee Rorschachtellings ontwerp, naamlik die Versperringstelling (Barrier Score) en die

Deurdringbaarheidstelling (Penetration Score). Wanneer n bepaalde tipe respons voorgekom het, is telkens een punt vir die respons toegeken.

n Derde tipe meting wat met die liggaamsbeeld in verband gebring is, is dié van differensiële galvaniese velresponsreaktiwiteit in die linker- en regterkante van die liggaam. Dit kan moeilik as n aspek van die beeld wat n persoon van sy liggaam het, beskou word. Eerder moet dit gesien word as n korrelaat van n aspek daarvan. Fisher en Abercrombie (1958) het gevind dat persone met n duidelike liggaamsbeeld (bepaal deur waarneming van tachistoskopiesvertoonde beelde) beduidend (.01-grens; $n = 62$) meer linkse Galvaniese velresponsreaktiwiteit getoon het. Hulle (hoogs spekulatiewe) verklaring vir dié bevindings is soos volg: een kant van die liggaam is ingestel op direkte handeling - die regterkant by regshandige persone. Integriteit en stabiliteit van dié ingesteldheid is vir die individu van groot belang. Om die ingesteldheid te beskerm is n dreineringsmeganisme daargestel; opstuwinge van opgewondenheid word dan in die teenoorgestelde liggaamskant afgedreineer. Gevolglik sal een kant van die liggaam meer heftig reageer op sekere stimuli. Dié persone is oor die algemeen beter aangepas en georiënteer en daarom het hulle dan ook minder versteuringsfoute geopenbaar.

(Fisher en Cleveland (1958) het in 'n verwerking van Haberse gegewens ook gevind dat hoe hoër 'n persoon se Versper-ringstelling is, des te sensitiewer is so 'n persoon vir velstimuli.)

Voorts het Fisher (1960) bevind dat die seksrolin-deks (die relatiewe grootte van die manlike en vroulike tekening in die Persoonstekentoets en die manlike teenoor die vroulike persepte in die Rorschachinkvlekttoets) 'n beduidende verband toon met die Galvaniese velresponsreaktiwiteit. Proefpersone wat die manlike tekening groter as die vroulike tekening gemaak het, was beduidend (.02- .01-grens) meer geneig tot linkse Galvaniese velresponsdireksionaliteit. Die damesproefpersone wat die vroulike figuur kleiner as die manlike figuur geteken het, was beduidend meer (.05- .01-grens) linksreaktief ten opsigte van die Galvaniese velresponstegniek, as dié wat die vroulike figuur groter as die manlike figuur geteken het. Die manlike proefpersone het in dié opsig geen beduidende verskil gelewer nie.

Fisher se verklaring vir bogemelde resultate is: die ontwikkeling van 'n regter-linker liggaamsbeeld en liggaamsreaktiwiteitsgradiënte beteken nie net die differensiasie tussen manlikheid en vroulikheid nie, maar ook 'n

leerproses om beide die elemente in die self te integreer. Die regs-linkse differensiasieproses vereis egter ook dat die individu leer om aan beide die manlike en vroulike waardes 'n betekenisvolle deel in sy persoonlikheid te gee, sonder om 'n groot onewewigtigheid na die een of ander kant te veroorsaak.

'n Laaste tipe liggaamsbeeldmeting wat vermeld kan word, is dié wat uit persoonstekeninge verkry kan word. Die bogemelde gebruik van die relatiewe grootte van die manlike en vroulike figure is 'n atipiese voorbeeld daarvan. Meer tipies is verskillende interpretasies wat gebaseer word op die hipotese dat die tekening geprojekteerde insigting omtrent die liggaamsbeeld bevat. Aangesien hierdie aspek in die huidige ondersoek so sentraal geleë is, word dit vollediger bespreek.

Liggaamsbeeld en Persoonstekeninge

Tekeninge word reeds lank beskou as nie net blote objektiewe weergawes van die voorwerp wat afgebeeld word nie. Die persoon wat teken, plaas of projekteer in die tekening iets meer as net die waargenome voorwerp. Op grond van gevoelens, houdinge, vooroordele, vorige ervaring en sy hele opvoeding projekteer die tekenaar die ge-

voelens, houdinge, vooroordele, ervaringe en agtergrond in sy tekening. (Projekteer word in dié geval in n wyer as slegs die Freudiaanse betekenis gebruik.)

Onder kliniese sielkundiges bestaan daar algemeen die opvatting dat ook n persoonstekening as projektiewe materiaal geïnterpreteer moet word, en meer bepaald as n projeksie van die toetsling se liggaamsbeeld. Hierdie hipotese word aangedui as die „liggaamsbeeldhipotese" en is die min of meer gemeenskaplike uitgangspunt van verskeie outeurs, sowel as die meeste klinici wat van die Persoonstekeningtegniek gebruik maak in hulle diagnostiese praktyk. Daarteenoor is Levy (1950) van mening dat n tekening die projeksie van verskeie sake kan wees, byvoorbeeld liggaamsbeeld, maar ook ^{van} selfideaal, van gewontepatrone, van emosionele toon, van houding teenoor iemand anders in die omgewing (waaronder selfs die toetsnemer), van houdinge teenoor die lewe en die gemeenskap oor die algemeen, ensovoorts.

Navorsing omtrent die liggaamsbeeldhipotese het dit wel in n mate gesteun. Om te bepaal of n persoon wel sy eie liggaam teken, het Berman en Laffal (1953) dames wat oorgewig en van gemiddelde gewig was, se eie liggaamsboutipes vergelyk met dié van hulle persoonstekeninge.

Beide is geëvalueer volgens Sheldon se somat^{to}ipologie. Die korrelasiekoëffisiënt daartussen was beduidend by die .05-grens. Die hipotese dat persone meestal die liggaam teken wat vir hulle die beste bekend is, naamlik hul eie, is dus gedeeltelik deur die resultate bevestig.

Abel (1953) het ondersoek ingestel na die waarskynlikheid dat persone met ontsieringe van die gesig hierdie ontsieringe in die gesig van die getekende persoon sou aandui. In die geval van proefpersone met ernstige gesigontsieringe het sy gevind dat dit wel die geval was, maar nie in die geval van persone met meer geringe ontsierings nie.

Kamano (1960) het by 'n groep skisofrene vroue bevind dat hulle persoonstekeninge (tekening van 'n vroulike persoon) veel meer ooreengestem het met hulle idees van die werklike self, as met die ideale self of 'n self met ongunstige kenmerke (volgens die Sematiese Differensiaal van Osgood, Suci en Tannenbaum beoordeel).

Bodwin en Bruck (1960) het korrelasiekoëffisiënt, wat by die .01-grens beduidend was, gevind tussen 'n beoordeelaar se beoordelings van 60 proefpersone na 'n psigiatrisiese onderhoud ten opsigte van liggaamskonsep en tellings op 'n selfkonsepskaal waarop die persoonstekeninge van dieselfde proefpersone beoordeel is.

Probleemstelling

In 'n faktoranalitiese ondersoek van 'n verskeidenheid tekenveranderlikes het Strümpfer en Nichols (1962) gevind dat die meeste van die gemeenskaplike variansie in die betrokke veranderlikes verklaar kon word in terme van 'n groot faktor wat geïnterpreteer is as 'n tekeningkwaliteitsfaktor. Dit het hoofsaaklik tegniese vaardigheid by die toetsling weerspieël, naamlik of hy 'n tekening kon maak wat 'n realistiese voorstelling van 'n mens was. Die slotsom waartoe dié ondersoekers geraak het, was dat:

Investigators who have set out to develop measures of such aspects of drawings as adjustment, maturity, intelligence, sex differentiation, body image disturbance and artistic quality have ended up with measures whose major differences are in their titles. Apparently overall quality is such a pervasive aspect of the drawing and has such a large variance compared with other factors affecting drawings that most measures have most of their reliable variance accounted for by this factor (p. 160).

Hierdie bevinding sluit aan by dié van etlike vroeëre ondersoekers wat daarop gedui het dat tekenkwaliteit 'n belangrike rol speel by beoordelings van persoonstekeninge ten opsigte van verskillende persoonlikheidskenmerke. Dit is ook bevestig deur latere ondersoeke van Strümpfer (1963 a en b).

Een van die tekeningveranderlikes wat 'n betreklike

hoë lading op bogemelde tekeningkwaliteitsfaktor getoon het, was die Liggaamsbeeldversteuringskaal van Fisher (1959). Dit het naamlik korrelasies van .75 en .79 met die kwaliteitsfaktor in die twee faktoranalises getoon, dit wil sê hierdie faktor het tussen 56 en 62% van die variansie op die Liggaamsbeeldversteuringskaal bygedra (kwadraat van faktorlading; Cronbach, 1960).

Die Kwaliteitskaal van Wagner en Schubert (1955) kan gebruik word as n betreklike suiwer maatstaf van die kwaliteitsfaktor (faktorale ladings van .82 en .90 in bostaande ondersoek). Die Liggaamsbeeldversteuringskaal het korrelasies van .41 en .54 (beide beduidend by hoër as .001-grens) met hierdie skaal getoon by Strümpfer (1963 a en b) se ondersoeke. Hierteenoor het Deppe (persoonlike mededeling) n nie-beduidende korrelasie tussen hierdie twee skale gevind.

Hierdie bevindinge het die vraag laat ontstaan of die Liggaamsbeeldversteuringskaal wel n maatstaf is van n afsonderlike kenmerk, naamlik liggaamsbeeldversteuring, en of dit slegs nog n onsuiver maatstaf van die algemene faktor van tekeningkwaliteit is. Anders gestel, kom die vraag daarop neer of hierdie skaal nog sou meet wat dit voorgee om te meet, indien die invloed van tekeningkwali-

teit konstant gehou of uitgeskakel sou word. Die huidige ondersoek is 'n poging om 'n antwoord op hierdie vraag te vind.

In breë trekke was die opset van die ondersoek om 'n groep toetslinge te selekteer wat baie min van mekaar verskil het ten opsigte van die kwaliteit van hulle tekeninge; om dan uit hierdie groep twee uiterste groepe te selekteer ten opsigte van tellings op die Liggaamsbeeldversteuringskaal; en om dan na te gaan of hierdie uiterste groepe ook beduidend van mekaar sou verskil ten opsigte van prestasies op 'n aantal ander maatstawwe van liggaamsbeeldversteuring. Indien dit die geval sou blyk te wees, sou dit 'n aanduiding wees dat die deel van die variansie in tellings op die Liggaamsbeeldversteuringskaal wat nie in terme van tekeningkwaliteit verklaar kan word nie, nogtans belangrike waarde het in verband met persoonlikheidsondersoek. Die huidige ondersoek bestaan dus uit 'n validering van die Liggaamsbeeldskaal, nadat tekeningkwaliteit konstant gehou is.

Eksperimentele Veranderlikes

Beoordeling van Persoonstekeninge

Daar word betreklik volledig ingegaan op die Persoonstekentoets, die afneem daarvan, die beoordeling daar-

van en die kritiek daarop. Dit is nodig geag omdat die Persoonstekentoets die basis was waarop die eerste seleksie van toetslinge plaasgevind het.

Goodenough, Buck en Machover kan beskou word as die pioniers wat die tekening as 'n projektiewe tegniek begin gebruik het. Goodenough (1926) was die eerste om in dié rigting te eksperimenteer. Sy het die tekeninge van albei geslagte gebruik om die intelligensie van kinders tussen die ouderdomme van 4 en 10 jaar te bepaal. Hoewel aanvanklik gedink is dat dié toets kultuurvry gaan wees, is die vermoede later ook verwerp (Anastasi, 1961, p. 266). Dié toets is ook te sensitief vir emosionele beïnvloeding om altyd 'n ware beeld van die persoon se verstandelike vermoë te gee (Hanvik, 1953). Buck (1948) en Machover (1949) het juis hierdie aspek, dat in persoonstekeninge ook aan emosionele aspekte van psigiese funksionering uitdrukking gegee word, probeer benut. Hulle het, oëskynlik onafhanklik van mekaar, stelsels van nasiening en beoordeling ontwikkel ten einde die projektiewe aspekte van die tekeninge te gebruik by persoonlikheidsondersoek. Soos die benaming „Huis- boom- persoontoets" aandui, gebruik Buck ook nog tekeninge van 'n huis en 'n boom in sy tegniek. Machover, daarenteen, het die Teken-n-Mantoets uitgebrei tot die Teken-n-Persoontoets, waarby tekeninge van persone van

albei geslagte verkry word.

Volgens Sundberg (1961) word slegs die Rorschach-inkvlektoets meer as die Persoonstekentoets in Amerikaanse hospitale en klinieke gebruik. Die toets se populariteit in Suid-Afrika word bewys deurdat Nel en Esterhuizen (1958) alreeds 'n Afrikaanse handleiding uitgegee het wat handel oor die persoonstekentegniek.

Die populariteit van die Persoonstekentoetse kan, onder andere, aan die volgende faktore toegeskryf word:

- (a) Die ongestruktureerde toetssituasie bied 'n goeie kontakmiddel tussen toetsling en toetsnemer, in die afneem van 'n battery toetse. Deur die toets word die kind, en dikwels ook die volwassene, op sy gemak gestel.
- (b) Die toets neem ongeveer tien tot vyftien minute om af te neem - indien nie minder nie - en nog korter om te interpreteer.
- (c) Die toetsmateriaal is goedkoop en baie maklik bekombaar, slegs 'n sagte potlood en 'n blanko vel papier.

Machover (1949) heg waardes aan elke liggaamsdetail en interpreteer die tekening ten opsigte van inhouds-, strukturele en formele aspekte. Deur 'n psigoanalitiesgekleurde, atomistiese ontleding heg sy interpretasies en waardes aan die wyse waarop sekere liggaamsdele in die tekening geteken is. So kan, volgens haar byvoorbeeld, 'n te groot of

te klein hoof, dui op konflikte op intellektuele gebied;
die weglaat van gesigsdetail kan op verdringing van sosiale
probleme dui; deurmekaar hare mag sedeloosheid beteken;
die neus is by uitstek n sekssimbool; ensovoorts.

Swensen (1957) het n volledige oorsig gegee van die
empiriese ondersoeke na aanleiding van Machover se hipote-
ses in verband met persoonstekeninge. Hiervolgens steun
Holzberg en Wexler (1950), Goodman en Kotkov (1953), en die
meeste andere se bevindings nie Machover se hipoteses nie.
Daar is egter enkele ondersoeke, soos dié van Berman en
Laffal (1953), wat in meerdere en mindere mate Machover
se hipotese steun. (Skynbaar beïnvloed die negatiewe be-
vindings egter nie die populariteit van die toets nie, want
daar is nog geen noemenswaardige afname in die gebruik daar-
van in kliniese praktyk nie.)

Daar moet egter in aanmerking geneem word dat in
die meeste van die ondersoeke wat Swensen aanhaal, daar
telkens gebruik gemaak is van twee teenoorgestelde groepe
wat nie geselekteer was ten opsigte van die inhoud van die
tekeninge nie. Hammer (1959) was van mening dat hierdie
groepsvergelykings daarheen neig om die klem op uiterstes
in albei rigtings te laat verdof en uitkanselleer. Hy
het die mening uitgespreek dat, aangesien die meeste van

die kliniese kenmerke wat Machover beskrywe het, betreklik seldsaam is, dergelyke navorsing behoort te begin met gevalle waarby die betrokke tekens wel gevind is. Dan moet nagegaan word hoe hierdie gevalle verskil van gevalle waarby die tekens nie gevind is nie.

Die atomistiese benadering is onderhewig aan 'n groot mate van subjektiewe interpretasie. Benewens die probleem van die veelheid van besonderhede wat opgemerk en geïnterpreteer moet word, is daar die probleem van kombinerings van die gegewens. In verskillende konstellasië mag dieselfde teken verskillende betekenis hê. Verskillende beoordelaars gee nie noodwendig aan dieselfde tekens eweveel aandag nie en kombineer die veelheid van besonderhede nie noodwendig op dieselfde wyses nie. Die gevolg is dat elke beoordelaar se beoordeling dikwels uiters individueel is.

Die struktuur en inhoud van tekeninge word egter deur sekere ondersoekers as 'n globale eenheid impressionisties en met intuïtiewe insigte geëvalueer. Die betroubaarheid en geldigheid van hierdie metode van evaluering wissel ook van ondersoek tot ondersoek. By dié wyse van beoordeling word dikwels gevind dat die gronde van beoordeling moeilik meedeelbaar is, met ander woorde ook derge-

like beoordelings is dikwels subjektief en individueel.

Fisher en Fisher (1950) het baie min ooreenstemming gevind tussen drie beoordelaars se beoordelings van tekeninge wat as paranoïes aangedui is. Whitmyre (1953) het egter korrelasies so hoog as .969 (na Spearman-Brown-korreksie) tussen verskillende beoordelaars se globale beoordelings gevind. Fisher en Fisher (1950) het, daarteenoor, in 'n ondersoek, drie beoordelaars gevra om uit 'n groot aantal tekeninge (almal van paranoïese skisofrene) die aan te dui wat paranoïese neigings getoon het. Hulle kom tot die gevolgtrekking dat nog die atomistiese nog 'n globale beoordeling enigsins beduidende resultate gelewer het. In verband met die geldigheid van die globale evaluering, het Schmidt en McGowan (1959) daarenteen, gevind dat daar 'n onderskeid getref kon word tussen persoonstekeninge deur normale persone en persone met afgesette ledemate.

Strümpfer kom na 'n vergelyking van verskillende ondersoeke, tot die volgende slotsom:

Net soos in die geval van die Machoverbenadering, is die betroubaarheid en geldigheid van die globale benadering omring deur minusse en vraagtekens, met hier en daar 'n plus - wat skynbaar genoeg is om klinici daarmee te laat volhou (1962, p. 5).

In die huidige ondersoek is gebruik gemaak van twee persoonstekeninge, een wat 'n voorbeeld is van 'n

atomistiese benadering en die ander wat 'n voorbeeld is van 'n globale benadering. In beide gevalle kan daar egter sprake wees van vereenvoudiging van hierdie benaderings.

In die eerste geval, naamlik die Liggaamsbeeldversteuringskaal (Fisher, 1959a), het die vereenvoudiging daaruit bestaan dat 'n verskeidenheid van betreklik maklike beoordeelbare tekeningkenmerke, slegs ten opsigte van aan- of afwesigheid beoordeel moes word. Vir elke aanwesige teken is 'n punt toegeken sodat 'n telling vir elke toetsling bepaal is. Die betrokke tekens word deur die opsteller van die skaal beskou as verskillende kenmerke wat almal op 'n gemeenskaplike teoretiese bousel, dié van liggaamsbeeldversteuring, dui en gevolglik bestaan daar nie 'n probleem ten opsigte van kombinerings van tekens en hulle interpretasies nie.

In die tweede geval, die Kwaliteitskaal (Wagner en Schubert, 1955), is gebruik gemaak van 'n vereenvoudiging van die globale benadering, naamlik deur die gebruik van 'n produkskaal. Dié metode hou in dat 'n voorafsaangestelde produkskaal aan die beoordelaar voorgelê word. Dié skaal bestaan uit 'n reeks tekeninge wat verskillende grade van die veranderlike wat beoordeel moet word, illustreer. Die taak van die beoordelaar word aansienlik vereenvoudig

deurdat hy slegs moet besluit by watter van die illustreerende tekeninge die tekening wat die toetsling gemaak het, pas.

Die gebruik van vereenvoudigde maatstawwe vir beoordeling van persoonstekeninge sluit aan by die gevolgtrekkinge van Hamlin (1954). In hierdie artikel het Hamlin die implikasies van tien ondersoekinge oor projektiewe en ander kliniese materiaal bespreek. Hy het tot die gevolgtrekking geraak dat positiewe en negatiewe resultate by dié ondersoekinge direk verband gehou het met die eenvoudigheid of gekompliseerdheid van die materiaal wat beoordeel is, asook met die toereikendheid van die eksperimentele omstandighede in so verre as dit die klinikus toegelaat het om beoordelings af te lei van die graad van gekompliseerdheid wat aangebied is. Oor die algemeen is negatiewe resultate gevind wanneer die eenhede van die materiaal wat beoordeel is, te eenvoudig of atomisties was, maar ook wanneer dit te gekompliseerd was om binne die eksperimentele omstandighede te hanteer.

Liggaamsbeeldversteuringskaal

As deel van 'n groter navorsingsprojek oor die verband tussen ruimtelike oriëntasie en persoonlikheidskenmerke het Machover (Witkin et al., 1954) 'n skaal van tekeningkenmerke opgestel om tussen die onderhawige persepsuele

groepe te onderskei. Hierdie groepe was toetslinge wat in die sogenaamde „Rod-and-frame" en „Tilting-room-tilting-chair"-toetse hoë, gemiddelde en lae tellings behaal het. Aanvanklik het Machover 'n langer lys van tekeningkenmerke wat volgens haar kliniese ervaring op 'n gebrek aan liggaamsvertroue en probleme in die Liggaamskonsep gedui het, opgestel. Slegs items wat tussen die kriteriumgroepe gediskrimineer het, is in die finale lys ingesluit. Hierdie skaal het dus onderskei tussen persone wat hulle liggame in 'n toereikende mate gebruik het as vaste verwysingspunt vir oriëntasie in die ruimte, teenoor persone wat dit nie in 'n toereikende mate kon doen nie.

Fisher (1959a) was van mening dat te veel van die items in hierdie skaal van Machover gekompliseerde en subjektiewe beoordelings geveer het. Hy het 14 van die tekens wat eenvoudige en betreklike objektiewe beoordelings en waarnemings vereis, daaruit geneem. Hierdie tekens word veronderstel om op „liggaamsbeeldversteuring" („body image disturbance") te dui. Strafpunte word dus toegeken vir die aanwesigheid van elk daarvan, dit wil sê 'n hoë telling dui 'n hoë mate van liggaamsbeeldversteuring aan. Bylae B bevat die skaal soos dit by hierdie ondersoek aangewend is.

Interbeoordelaarbetroubaarheid vir hierdie skaal wissel tussen .68 en .94 volgens verskillende ondersoekinge (Deppe, 1964; Strümpfer, 1963 a en b; Strümpfer en Nichols, 1962). Strümpfer en Nichols (1962) het 'n herbeoordelingsbetroubaarheid van .75 gerapporteer. Hierdie skrywers rapporteer ook 'n korrelasiekoëffisiënt van .90 tussen tellings wat deur 'n nie-sielkundige toegeken is en die som van tellings wat deur twee sielkundiges toegeken is; 'n hoë mate van sielkundige gesofistikeerdheid skyn dus nie 'n voorvereiste vir betroubare gebruik van hierdie skaal te wees nie. Ten opsigte van stabiliteit, rapporteer Strümpfer (1963b) 'n hertoetsbetroubaarheid van .74 by 'n groep funksionele psigote.

In navorsing op 34 mans en 16 dames, almal regs-handig (mediane ouderdom 21 jaar, opvoedkundige peil 14 jaar), het Fisher (1959a) gepoog om 'n verband tussen direksionaliteit van Galvaniese velrespons en ligg^amsbeeldversteuring, soos deur hierdie skaal gemeet, te vind. Hy het gevind dat proefpersone, benede die mediaan in Liggaamsbeeldversteuring, wat statistiese beduidendheid (.001-grens) betref, 'n groter mate van Galvaniese velresponsreaktiwiteit aan die linkerkant van die liggaam as aan die regterkant getoon het. Die proefpersone bo die mediaan het òf geen Galvaniese velrespons-direksionaliteit nie òf regse Galva-

niese velrespons-direksionaliteit getoon. In ander navorsing het Fisher (1960) gevind dat die optimale Galvaniese velrespons-gradiënt dié was waarby groter reaktiwiteit aan die linkerkant van die liggaam as aan die regterkant getoon is. Sodanige gradiënt het gepaard gegaan met 'n goed geïntegreerde liggaamsbeeld.

Fisher (1960) het persone deur aniseikoniese lense na die korresponderende vingers van die linker- en regterhand laat kyk. Sodoende is 'n betreklike ongestruktureerde persepsuele veld gebied, waarin dit maklik was om onbewuste gevoelens teenoor die twee liggaamskante te projekteer. Galvaniese velrespons-direksionaliteit is ook bepaal by die proefpersone. Persone wat op dié wyse die regterkant as synde groter as die linkerkant gesien het, het beduidend *meer* (.05- .01-grens) linkse Galvaniese velrespons-reaktiwiteit getoon, as die persone wat nie tussen die twee liggaamskante onderskei het nie. Ook het Fisher (1960) gevind dat die seksrolindeks (die relatiewe grootte van manlike en vroulike tekeninge in die Persoonstekentoets van Machover en die manlike teenoor vroulike persepte in die Rorschach) beduidend verband het met die Galvaniese velresponskategorie. Manlike toetslinge wat die man groter as die vrou geteken het, was beduidend (.02- .01-grens) meer geneig tot linkse Galvaniese velrespons-direksionaliteit. By

vroulike toetslinge is dieselfde neiging gevind. Die Machover-liggaamsbeeldversteuringstelling is beduidend (.05- .01-grens) gekorreleer met linkse Galvaniese velresponsreaktiwiteit.

By n ondersoek deur Fisher en Abercrombie (1958) is n verband tussen Galvaniese velresponsgradiënte en liggaamsbeeldversteuring wat tachistoskopies ondersoek is, aangetoon. (Besonderhede omtrent hierdie ondersoek word hieronder bespreek in verband met die Tachistoskopiese Liggaamsbeeldmaatstaf.)

Op grond van hierdie aaneenskakelende bevindinge kan gekonkludeer word dat n telling op die Liggaamsbeeldversteuringskaal wel n maatstaf is van aspekte van die tekenaar se liggaamsbeeld, of, ten minste, dat dit daarmee gekorreleer is.

Strümpfer (1963a) het bevind dat die liggaamsbeeldskaal negatief korreleer met sosiale, emosionele en totale aanpassing (beduidend by .05-grens), soos deur die Bell-aanpassingsvraelys gemeet, dit wil sê hoe beter die persoon se liggaamsbegrip, hoe beter "aangepas" is hy. Die Liggaamsbeeldskaal het ook positiewe korrelasies (beduidend by .05-grens) getoon met neurotiese neigings, soos gemeet deur die telling vir psigiese wanaanpassing en die totale

telling van die Psigosomatiese Vraelys van McFarland en Seitz, dit wil sê hoe beter 'n persoon se liggaamsbegrip, hoe minder neurotiese neigings sal hy manifesteer. Deppe (1964) het lae, maar beduidende (.05- .01-grens) korrelasies gevind tussen die Liggaamsbeeldversteuringskaal en die Pittsburghemosionaliteitskaal (n maatstaf van angsthêid), Barron se Egosterkteskaal (n maatstaf van algemene psigiese welsyn) en Luft se Psigiese Beheerskaal (n maatstaf van neurotiese oorbeheersdheid). Dit skyn dus duidelik te wees dat hoë tellings op die Liggaamsbeeldversteuringskaal 'n aanduiding gee van neurotiese geneigdheid, terwyl lae tellings 'n aanduiding gee van gesonde psigiese funksionering.

Hierteenoor skyn die psigiese kenmerke wat hierdie skaal meet nie verband te hou met die psigiese kenmerke wat tussen psigotiesheid en normaalheid bestaan nie. Strümpfer (1962) het gevind dat waar 'n hele aantal ander tekenveranderlikes wel hoogsbeduidende verskille tussen 'n studentegroep en 'n groep funksioneel-psigotiese pasiënte getoon het, die Liggaamsbeeldversteuringskaal nie beduidend tussen hierdie groepe gediskrimineer het nie.

Wat betref korrelasies met psigometriese maatstawwe, is dit van belang dat vormwaarneming skynbaar nie 'n

rol speel in verband met die tekenaspekte wat deur die Liggaamsbeeldversteuringskaal gemeet word nie. Waar etlike ander tekeningveranderlikes in Strümpfer (1963a) se ondersoek beduidende korrelasies met die Vormwaarnemingstoets van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing getoon het, was dit nie die geval met hierdie skaal nie. Dit het wel 'n beduidende (.05-grens) korrelasie met die Verbale Redeneringstoets van die Nasionale Buro getoon (wat deur die outeur as waarskynlik 'n kansresultaat geïnterpreteer is), maar nie met enige van die ander psigometriese maatstawwe wat gebruik is nie.

Kwaliteitskaal

Wagner en Schubert (1955) was van mening dat by te veel interpretasies van persoonstekeninge die tekenprodukte van ernstige versteurde populasies as leidrade gebruik word. Om die leemte aan leidrade gebaseer op normale populasie aan te vul, en ook om reg te laat geskied aan die feit dat 'n tekening as 'n globale struktuur beoordeel behoort te word, is die Kwaliteitskaal opgestel, waarteen die tekeninge van laat-adolessente en jong volwassenes beoordeel kon word. Dit is 'n produkskaal wat vaste punte bied waaraan 'n beoordelaar sy beoordelings kan verbind. „The scale helps the rater to avoid his personal predilec-

tions and prejudices" (p. 12).

Die opstellers stel dat die volgende kenmerke deur middel van dié skaal beoordeel kan word:

...the effectiveness in drawing a real person, i.e. how well, how acceptable, has the human figure been portrayed. Characteristics to be considered are life-likeness, realism, naturalness, accuracy, consistency from part to part, and the integration of the various parts (p. 6).

Die kern waarom alles dan gaan, is: „Does it meet the criterion: that is the way a person, for instance, a school boy, a sailor, or a working man, looks?" (p. 6).

Die tekeninge van 1579 proefpersone (858 manlik en 721 vroulik) is gebruik by die samestelling van die skaal. Van die groep was 583 hoërskoolleerlinge in hulle finale jaar, wat nie n universiteitsloopbaan in gedagte gehad het nie; 996 proefpersone was eerstejaarstudente op universiteit. Die opstellers het dus n taamlik gemiddelde, verteenwoordigende groep gebruik (behalwe vir die moontlikheid dat die groep ten opsigte van opvoedkundige peil geselekteerd was). Die beoordelaars was twee sielkundiges met ervaring op die gebied van persoonstekeninge van proefpersone van hierdie ouderdom, en n universiteitsdosent in kuns met besondere ervaring in figuurtekenwerk. Die tekeninge is gegroepeer in sewe groepe wat gewissel het van die swakste tot die beste. Na die aanvanklike groepering

is die pakke weer deurgegaan om seker te maak dat kōnsekwent beoordeel is en om oorvleueling tussen pakke so min as moontlik te kry. Slegs tekeninge waaromtrent al drie beoordelaars dit eens was, is gebruik vir die opstelling van die skaal. Die modale, verteenwoordigende tekeninge is vir elke kwaliteitspeil uitgesoek, naamlik, n voor- en profielaansig uit elk van die sewe manlike en die sewe vroulike groepe. n Verbale skaal is ook opgestel deur beskrywings van elk van die punte op die skaal te gee. Die verbale skaal is met een punt aan beide kante verleng met die oog op uitsonderlike goeie en uitsonderlike swak tekeninge. Verder bevat die handleiding aanwysings vir die beoordeling van buitengewone tekeninge, soos naakfigure, karikature, rugaansigte, ensovoorts.

Gewoonlik word die manlike en vroulike tekeninge van n toetsling afsonderlik beoordeel. n Vroulike tekening wat deur n manlike toetsling geteken is, word op grond van die maatstaf vir die vroulike tekeninge deur vroulike toetslinge beoordeel en vice versa. Aangesien die twee beoordelings dieselfde bekwaamheid toets, is die som van die twee tellings vir die twee figure by die huidige ondersoek as finale telling gebruik. Dit het ook ten gevolg dat die skaal verleng en die resultate dienooreenkomstig betroubaarder word. n Hoë telling op die Kwaliteit-

skaal dui n lae mate van tekeningkwaliteit aan.

Die interbeoordelaarbetroubaarheid vir die Kwaliteitskaal is baie hoog, soos blyk uit vorige ondersoeke. Wagner en Schubert (1955) het korrelasiëkoëffisiënte van .93, .91 en .87 tussen die drie reeds vermeldde ervare beoordelaars se beoordelings van die tekeninge van studente in die elektriese ingenieurswese ($n = 155$) gevind. Strümpfer en Nichols (1962) rapporteer ook n korrelasiëkoëffisiënt van .92 tussen die beoordelings van n nie-sielkundige en die gekombineerde beoordelings van twee sielkundiges by n gemengde groep normale, neurotiese en skisofrene persone ($n = 90$). Korrelasiëkoëffisiënte tussen die beoordelings van die ervare beoordelaars was tussen .77 en .92. Toets-hertoets-betroubaarheidskoëffisiënte van tussen .64 en .87 is gevind by beoordeling van vroulike figure deur verskillende groepe damestudente. n Korrelasiëkoëffisiënt van .85 is gevind tussen die eerste en tweede getekende figure. Die korrelasiëkoëffisiënt tussen die manlike en vroulike tekeninge van laeronderwysdamestudente ($n = 308$) is ook aangetoon as .85. By Suid-Afrikaanse studentegroepe het Strümpfer (1963a) interbeoordelaarbetroubaarhede van .80 en .82 gevind, terwyl Deppe (1964) n Spearman-Brown-gekorrigerende koëffisiënt van .93 meld vir die som van beoordelings deur twee beoordelaars. By n gemengde groep van

normale, neurotiese en skisofrene toetslinge het Strümpfer en Nichols (1962) 'n interbeoordelaarsbetroubaarheid van .91 en 'n herbeoordelingsbetroubaarheid van .93 gevind. Strümpfer (1963b) het 'n hertoetsbetroubaarheid van .89 by 'n groep funksioneelpsigotiese pasiënte gerapporteer.

Onwillekeurig ontstaan die vraag: wat meet die Kwaliteitskaal behalwe miskien kunsaanleg? Wagner en Schubert (1955) rapporteer korrelasies, beduidend bokant die .01-grens, tussen die Kwaliteitskaal en gemiddelde hoërskoolpunte, asook met gemiddelde punte vir die eerste semester op universiteit by damesstudente in Huishoudkunde. Voorts is ook bevind dat studente wat op universiteit 'n telling van 6 en hoër op die Kwaliteitskaal behaal, in gevaar staan om te druipe en derhalwe 'n behoefte aan voorligting het.

Wagner en Schubert (1955) het bevind dat die Persoonstekentoets, beoordeel met behulp van die Kwaliteitskaal, 'n redelike aanduiding kan gee van wat hoërskoolleerlinge se eerste punte op kollege gaan wees. Ten opsigte van sukses by voorspelling, het hulle gevind dat dié metode slegs vierde was na heelwat langer en tydrowender toetse en maatstawwe soos hoërskoolgemiddeld, „Cooperative English Test" (wat twee uur duur) en die linguïstiese telling van die „ACE Psychological Examination". Meervoudige korrela-

siekoëffisiënte het in die betrokke ondersoek getoon dat die Persoonstekentoets, beoordeel met behulp van die Kwaliteitskaal, die korrelasie met gemiddelde hoërskoolpunt en met kollegepunt in die eerste semester net soveel verhoog as enige van bogenoemde toetse. In dié verband wys die samestellers daarop dat die tekening binne hoogstens 10 minute van die proefpersone verkry kan word, terwyl dit die beoordelaar nog 2 minute neem vir die beoordeling.

Strümpfer (1963a) het geen beduidende korrelasies tussen Kwaliteitskaalbeoordelings en tellings op die Bell-aanpassingsvraelys, die Bernreuter-persoonlikheidsvraelys en McFarland en Seitz se Psigosomatiese Vraelys gevind nie. Deppe (1964) kon geen beduidende verband tussen tellings op 'n selfaan^{vaard}passingsvraelys en die Kwaliteitskaal aantoon nie. Die Kwaliteitskaal het 'n korrelasie van $-.39$ (beduidend by $.01$ -grens) met die Vormwaarnemingstoets van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing getoon by die ondersoek van Strümpfer (1963a), maar nie met ander toetse van die Battery Differentiële Bekwaamheidstoetse of die Nuwe Suid-Afrikaanse Groepstoets nie.

Strümpfer (1963b) het bevind dat die Kwaliteitskaal negatief korreleer (by $.05$ -grens beduidend) met chroniciteit van gehospitaliseerde psigotiese pasiënte:

The findings thus point to an inverse relationship between the ability to draw human looking figures and increased duration of functional psychoses severe enough to necessitate hospitalization. Progressive personality disintegration and decreased cognitive efficiency accompany increased duration of these psychoses, and these factors appear to be likely causes in connection with the inverse relationship (p. 210).

Nichols en Strümpfer (1962) het 'n tekenkwaliteitsfaktor gevind waarvan die Kwaliteitskaal 'n betreklike suiver maatstaf was. Ook het Strümpfer (1963a, 1963b) beïndende verwantskappe (wisselend van .05- tot .001-grens) tussen die Kwaliteitskaal en 'n verskeidenheid ander Persoonstekentoetsveranderlikes gevind.

Die vorige ondersoeke in ag geneem, lyk Wagner en Schubert (1955) se gevolgtrekking na 'n aanvaarbare antwoord op die vraag wat die Kwaliteitskaal meet:

...(it) suggests that it measures functioning behavior, attitude toward the problem or task ahead, as well perhaps as attitude toward one's ability to handle such a task (p. 22).

Kriteriumveranderlikes

By die bepaling van die geldigheid van die Liggaamsbeeldversteuringskaal is drie maatstawwe (met subtellings) as kriteria gebruik, naamlik die Liggaamsbeeldversperringskaal vir die Rorschachinkvlekttoets, die Tachistoskopiese Liggaamsbeeldmaatstaf en Assosiatiewe Opnoeming

van liggaamsdele. Soos hierbo aangetoon, het Fisher (1959) reeds deur aaneenskakeling van gegewens wat by verskillende ondersoeke verkry is, die geldigheid van die Liggaamsbeeldversteuringskaal in terme van die tachistoskopiese metode aangedui. Hierdie drie metodes om liggaamsbeeldversteurings te ondersoek, is gekies omdat hulle heeltemal onafhanklik is van die tekeningsituasie en omdat hulle heel uiteenlopende tipes psigiese funksionering vereis.

Rorschachskale

Cleveland en Fisher (1954) het 'n aantal reumatoidede gewrigsontstekings-pasiënte bestudeer ten opsigte van hul fantasieë na aanleiding van 'n intensiewe onderhoud, die Rorschachinkvlektoets, die T.A.T. en die Persoonstekentegniek. In die analise van die Rorschachprotokolle is die twee ondersoekers getref deur 'n aantal unieke response. Dié response was uitsonderlik, omdat die klem daarin geval het op die beskermende, wandagtigheid en die versperringskwaliteite van die buitelyne of periferie van die persepte. Die volgende is 'n paar sulke response: „'n Grot met rotsagtige wande“, „'n ridder in oorlogsgewaad“, „bottel“ en „'n blompot“.

Verder was dit ook, uit die onderhoud, duidelik dat dié pasiënte baie moeilikheid ondervind het om woede uit te

druk. Skynbaar was die pasiënte bang om uiting te gee aan kwade gevoelens en daarom het hulle hulself afgegrens van die omgewing om sodoende hulle minder aanvaarbare gevoelens vir hulself te hou.

Die gedagte het by die ondersoekers ontstaan dat die manier waarop n persoon sy liggaamsgrense of - versperrings waarneem, moontlik baie ander dimensies van persoonlikheidsfunksionering kon ophelder. Dit het natuurlik ook ingehou dat die deurdringbaarheid van versperring ook as telling ingebring kon word, indien na response gesoek sou word wat klem sou lê op die deurdringbaarheid van die periferie van persepte. Voorbeelde van sulke deurdringbaarheidsresponse is: „Persoon met n oop mond“, „liggaam wat stukkend gekap is“, „n oop deur“ ensovoorts.

Cleveland en Fisher (1956) het n groep neurodermatose pasiënte ($\underline{n} = 25$) en n kontrolegroep ($\underline{n} = 22$) bestaande uit persone met industriële velbeskadigings vergelyk ten opsigte van inhoudsresponse en bedekkingsresponse. Die neurodermatosegroep het beduidend meer inhoudsresponse (.04-grens) en bedekkingsresponse (.001-grens) gelewer. Die indruk dat hierdie pasiënte n „pantserplaatskerm“ rondom hom skyn te hou, word deur dié ondersoek gesteun.

Cleveland en Fisher het op hierdie wyse tot twee

nuwe inhoudskale vir die Rorschachtoets gekom, naamlik die Versperringskaal en die Deurdringbaarheidskaal. Aan elk van die Versperrings- en Deurdringbaarheidsresponse is 'n waarde van een toegeken. Die totaal van al die response in dié twee kategorieë afsonderlik, was dan die telling vir die betrokke skaal. Bylae D bevat omskrywings en voorbeelde van die verskillende inhoudskategorieë wat by dié twee skale gebruik word.

Ramer som die rasionalé van die Versperringsdimensie soos volg op:

...the barrier score is an unconscious projection of a person's definitive existence and his felt ability to adequately cope with the demands of reality (1963, p. 526).

Fisher en Cleveland (1958) het interbeoordelaar-korrelasiekoëffisiënte ten opsigte van die Versperrings- en Deurdringbaarheidskategorieë gerapporteer. Wanneer die beoordelaars ervare was, was die $\rho = .82$ in die geval van die Versperringstelling en $\rho = .94$ in die geval van die Deurdringbaarheidstelling. By 'n tweede groep proefpersone het dieselfde beoordelaars $\rho = .97$ en $\rho = .99$ gevind. Fisher en Cleveland (1958) stel dit egter duidelik dat die betroubaarheid tot baie laag sal daal, wanneer die beoordelaars minder ervare is.

Verskillende ondersoekers (Fisher en Cleveland, 1958; Witkin, Fisher en Cleveland, 1958; Travis en Bennett in samewerking met Fisher en Cleveland, 1959; Cleveland en Fisher 1960; Davis, 1960; Fisher en Fisher, 1964) het die verwantskap tussen die Versperrings- en Deurdringbaarheidskategorieë en verskillende fisiologiese veranderlikes nagegaan. Die bevindings kan kortliks soos volg opgesom word: Persone met 'n hoë Versperringstelling is meer geneig tot linkse Galvaniese velrespons-direksionaliteit; sodanige persone is ook meer geneig tot uitwendige, eerder as inwendige, siektesimptome; in eksperimentele situasies is dié persone ook meer geneig om bewus te word van uitwendige, eerder as inwendige, gewaarwordinge, soos nagegaan met behulp van introspeksie en aparate soos die elektromiograaf. Persone met 'n hoë Versperringstelling toon ook 'n lae alpha-indeks op die elektro-ensefalograaf. Slegs Eigenbrode en Shipman (1960) het negatiewe resultate gevind, in dié opsig dat daar nie onderskeid ten opsigte van Versperringstellings was tussen persone met psigosomatiese velprobleme en 'n kontrolegroep nie. Laasgenoemde was die enigste negatiewe resultaat te midde van 'n oormag positiewe resultate.

Wat is die gevolgtrekking wat gemaak kan word uit bogenoemde bevindings? In die eerste geval lyk dit waar-

skynlik dat persone met 'n hoë Versperringstelling duideliker afgeteken staan in sy omgewing. So 'n persoon is meer bewus van sy liggaamsgrense. Daarenteen kom dit voor asof 'n persoon met 'n lae Versperringstelling nie 'n baie goeie beeld van sy liggaam het nie deurdat hy nie duidelik onderskei tussen homself en die omgewing nie. Tweedens, kom dit voor asof 'n persoon met 'n hoë Versperringstelling homself meer afgrens van die omgewing en byvoorbeeld nie baie toeganklik is vir invloed van buite nie.

Indien die responstotaal nie beperk word nie, het Fisher en Cleveland (1958) gevind dat daar 'n beduidende ooreenkoms (.001-grens) tussen die aantal Versperringsresponse en die skadutotaal (nagesien volgens Beck se stelsel) is, dit wil sê dat dit moontlik met depressiewe neigings in verband gebring kan word. Onder dieselfde omstandighede het die groep wat lae Versperringstellings behaal het, ook 'n beduidende (.001-grens) hoër $F+\%$ gelewer; hulle het dus 'n groter mate van persepsuele akkuraatheid getoon, wat weer met intellektuele beheer oor en kritiek op emosionele impulse en fantasie in verband gebring kan word. As die responstotaal egter tot 25 beperk word, verval dié verskille. Wanneer die responstotaal gekontroleer is, is gevind dat die Versperrings- en Deurdringbaarheidsnorms baie konstant bly. By 'n aantal studentegroepe, waarop die Groep-

Rorschach toegepas is (24 response per toetsling), was die gemiddelde Versperringstelling 4 en die gemiddelde Deurdringbaarheidstelling 2.

Cleveland en Fisher (1957) het twee groepe proefpersone, na aanleiding van die Rorschachtoets, ingedeel volgens die definitiwiteit van die versperringskwaliteit van die liggaamsperiferie. Die groepe het twee opdragte gekry: (i) om as groepe twee spontane stories saam te stel en (ii) om as groepe die kwaliteite op te noem wat sukses in die betrokke kultuur verseker. Na 'n kwalitatiewe ontleding kom die ondersoekers tot die volgende gevolgtrekkings: (a) Die hoë Versperringsgroep toon meer belangstelling in hoë of groot prestasies; (b) dieselfde groep openbaar 'n meer simpatieke siening oor die lotgevalle van hulle medemensse, asook die opvatting dat die mens se prestasie meer afhang van sy eie pogings en inspanning as wat dit bepaal word deur sy afkoms en oorerwing. Ramer (1963) het (by die .05- tot .01-vlak) ondersteuning gevind vir die hipotese dat die persone met 'n hoë Versperringstelling die persone met 'n lae Versperringstelling sal oortref ten opsigte van: Die inisiëring van interpersoonlike kommunikasie en in die kommunikerings van direkte en teenstrydige stellings eerder as om selfvernederende stellings te maak. Holtzman, Thorpe, Swartz en Herron (1961) het beduidende

korrelasies gevind tussen Versperringstellings en ander veranderlikes wat altyd op volwassenheid, goeie aanpassing, integrasie en gebrek aan angs dui.

Fisher en Cleveland (1958) het gevind dat daar nie tussen normale en neurotiese persone onderskei kon word op grond van die Versperrings- en Deurdringbaarheidstellings nie. 'n Beduidende verskil (.01-grens) tussen neurote en skisofrene is wel gevind. Die skisofrene het 'n hoër Deurdringbaarheidstelling en laer Versperringstelling as die neurote behaal. Holtzman, Thorpe, Swartz en Herron (1961) het dieselfde resultate in 'n vergelyking van normale en skisofrene proefpersone gevind. Cleveland (1960) het, volgens verwagting, 'n beduidende vermindering in Deurdringbaarheidstellings (.02-grense) gevind tussen skisofrene pasiënte by toelating en ontslag uit 'n sielsieke-inrigting. Cleveland sê dat dit: "...a dramatic firming up and definition of the body image boundary" (pp. 295-296) is.

Phillips en Rabinovitch (1958) het pasiënte in sielsieke-inrigtings in drie groepe geklassifiseer: (i) Vermyding van andere, (ii) selfbevrediging ("self-indulgence") - teen andere en (iii) selfvernedering - teen self. Eersgenoemde groep is gekenmerk deur hallusinasies en het ook 'n definitiewe gebrek in die onderskeid tus-

sen die self en die omgewing getoon. Dit kom dus voor of die afwesigheid van 'n definitiewe versperringsbesef 'n faktor in die ontwikkeling van hallusinasies mag wees. Fisher (1962) het gevind dat, na die amputasie van 'n liggaamsdeel, persone wat lae Versperringstellings gekry het, in 'n groot mate die gewaarwording van die spookledemaat beleef. Persone met 'n hoë versperringsoriëntasie het nie dié gewaarwording beleef nie.

As al die ondersoekinge in verband met die Versperrings- en Deurdringbaarheidsdimensies saamgevat kan word, wil dit voorkom asof persone met 'n hoë Versperringstelling oor die algemeen beter aangepas is as persone met 'n lae telling in hierdie kategorie en 'n hoë telling in die Deurdringbaarheidskategorie.

In hulle huidige vorm kom die twee tellings soms vaag en onoortuigend voor. Holtzman, Thorpe, Swartz en Herron (1961) gee miskien die beste opsomming:

Undoubtedly there are ways in which the Barrier score can be refined. When taken literally as advocated by Fisher and Cleveland (1958), the system seems unduly arbitrary at several points, particularly regarding what aspects of a response to include as valid signs of the basic concept implied by Barrier. Both Barrier and Penetration are highly complex, heterogeneous variables..... systematic refinement must await extensive empirical studies of the several components now included in each score (p. 74).

Assosiatiewe Opnoeming

Bennett (1960) het van die assosiatiewe opnoemingsmetode gebruik gemaak in 'n poging om meer duidelikheid te kry in verband met die terme „liggaamsbeeld“, „liggaamskema“ en „liggaamskonsep“. Soos reeds genoem, sien hy 'n noue verband tussen beskrywings van eie liggaam en 'n tekening daarvan. Syns insiens, bied 'n proefpersoon soortgelyke inligting omtrent die beeld wat hy van sy liggaam het wanneer hy dit beskryf deur middel van opnoeming van die liggaamsdele of deur tekening van die besonderhede daarvan.

Bennett se toets is baie maklik om toe te pas. By die huidige ondersoek is 'n afgerolde vorm gebruik (sien Bylae E). Vo-aan moes 'n paar biografiese gegewens ingevul word en daaronder was drie kolomme met die volgende opskrifte: „Name van kleure“; „Name van Dele van die Liggaam“ en „Name van Beroepe“. Die proefpersone het die opdrag gekry om onder elke hoof tien name in te vul. Geen verdere instruksies is gegee nie; trouens, wanneer die toetslinge verdere inligting verlang het, is so min as moontlik gesê om nie die saak duideliker te maak nie. Slegs woorde onder die hoof „Name van Dele van die Liggaam“ is in die eintlike ondersoek gebruik. In die oor-

spronklike, sowel as in die huidige ondersoek, was die ander twee hoofde slegs ingesluit om die aandag van die name van liggaamsdele af te trek. Met ander woorde, dié name moes so outomaties moontlik volg, min of meer in die vorm van vrye assosiasies.

By die nagaan van die antwoorde is die frekwensie en rangorde waarmee die verskillende liggaamsdele georden is, getabuleer. Enkelvoud en meervoud is as sinonieme beskou.

Bennett het die response van 110 siende persone met dié van 29, vanaf geboorte, totaal blinde persone en dié van 83 skisofrene vergelyk. Neus (.01-grens), oog, mond, tand en rug (almal by die .05-grens) is beduidend meer deur die blinde toetslinge as deur die siende persone genoem. Opvallend was dat blinde toetslinge meer klem gelê het op sensoriese organe, dit wil sê op kontakorgane. Arm en nek is beduidend meer (.01-grens) deur die siende persone as deur die blindes genoem. Beduidend by die .01-grens is gevind dat die skisofrene „enkel" meer as die siende persone genoem het. n Ontleding van die skisofrene se response het getoon dat daar verbasend min versteurings of afwykings was in vergelyking met die siende, normale toetslinge.

Tachistoskopiese Liggaamsbeeldtoets

Die hipotese waarop hierdie maatstaf berus, is die volgende: indien n reeks prente of foto's van geskende of verwronge liggame vir n kort oomblik aan n persoon vertoon sou word en die persoon sou gevra word om te beskryf wat hy gesien het, sou sy response bepaal word deur sy eie liggaamsbeeldskema. Hoe meer versteurd sy eie skema of konsepsie, hoe groter sou die neiging wees om versteur te word wanneer voorbeelde van liggaamsversteurings vertoon word en hy dit moet beskryf. Hoe duideliker die persoon se liggaamsbeeldskema, daarenteen, hoe minder foute sou hy maak in sy beskrywing van die figure. Voorts kan miskien ook afgelei word in hoe n mate n persoon ten opsigte van die twee kante van sy liggaam verskil deur na te gaan ten opsigte van watter kant van die liggaam hy die meeste foute maak.

Hierdie maatstaf is deur Fisher en Abercrombie (1958) daargestel. Dit bestaan uit twaalf foto's. Tien is van verwronge of versteurde manlike liggame, een van n normale manlike liggaam en een van die boonste gedeelte van n normale vroulike figuur in n baaikostuum. Die manlike figure is ook in baaikostuums gekleed. Vir elke foto van n liggaam met n versteuring aan die een kant, is daar ook

n figuur met dieselfde versteuring aan die ander liggaamskant. Die foto van die onversteurde manlike liggaam word twee keer vertoon in die middel van die reeks en dan weer heel laaste.

Die reeks foto's bevat die volgende:

- (i) n Man in n kort broekie wie se linkerarm by die skouer af is.
- (ii) n Man in n kort broekie, met n dame se kop.
- (iii) Die agteraansig van n man in n pak klere, maar met sy kop agterstevoor op sy lyf.
- (iv) n Man in n kort broekie met n buitengewone groot linkerhand.
- (v) n Man in n kort broekie wie se regterbeen by die knie af is.
- (vi) n Man in n kort broekie sonder enige versteurings.
- (vii) n Man in n kort broekie wie se regterarm by die skouer af is.
- (viii) n Man in n kort broekie, maar sy kop is drie maal die normale grootte.
- (ix) Die onversteurde boonste helfte van n dame in n baikostuum.
- (x) n Man in n kort broekie met n buitengewone groot regterhand.
- (xi) n Man in n kort broekie wie se linkerbeen by die knie af is.
- (xii) n Samestelling, wat bestaan uit die regterkantse gedeelte van n dame met n kamerjapon aan en die linkerkant van n man wat n pak klere aan het.

(xiii) No. (vi) is hier weer vertoon.

Al die skyfies (sien Bylae F) was afdrukke van die oorspronklikes wat Fisher en Abercrombie (1958) gebruik het, behalwe nommer (ix) wat dr. Fisher weer volgens die oorspronklike spesifikasies laat maak het. Ook die volgorde was dieselfde as in die oorspronklike ondersoek.

Elke foto is op 'n doek vertoon vir vier agtereenvolgende kere, terwyl die tye van vertoning beheer is deur middel van 'n tachistoskoop. Die eerste vertoning het 0.1 sekonde geduur, die tweede 0.2 sekonde, die derde 0.5 sekonde en die vierde 1 sekonde. Die toetslinge is gevra om neer te skryf wat hulle gesien het, indien hulle enigiets abnormaals opgemerk het. Die antwoorde op elke vertoning is afsonderlik nagesien vir elk van die volgende kategorieë:

- (i) Die totale aantal versteuringsfoute.
- (ii) Die aantal versteurings nie raakgesien nie.
- (iii) Die aantal onrealistiese versteurings aangegee vir al die figure.
- (iv) Die aantal onrealistiese versteurings aangegee vir die onversteurde of normale figure.
- (v) Die totale aantal versteuringsfoute met betrekking tot die regterkant van die figuur.
- (vi) Die totale aantal versteurings met betrekking tot die linkerkant van die figuur.

(vii) Die verskil tussen die aantal linkerkantse ver-
steuringsfoute en die regterkantse versteurings-
foute.

Vir elk van hierdie sewe kategorieë is die som van
die vier tellings (dit wil sê vir die vier vertonings van
die betrokke skyfie) gebruik as die totale telling vir die
spesifieke skyfie.

Fisher en Abercrombie (1958) het 62 proefpersone
(40 regshandig: 18 dames en 22 mans; 22 linkshandig:
10 dames en 12 mans), waarvan die mediane opvoedkundige
peil 14 jaar was, vergelyk ten opsigte van Galvaniese vel-
respons-direksionaliteit en liggaamsbeeldversteuring. Die
persone met 'n linkse Galvaniese velrespons-direksionaliteit
het beduidend minder versteuringsfoute getoon as die per-
sone met 'n regse of geen, Galvaniese velrespons-direksio-
naliteit nie. Ten opsigte van „Totaal van alle versteur-
ingsfoute het die groep met linkse direksionaliteit bedui-
dend (.01-grens) minder foute as die ander twee groepe ge-
toon. Ten opsigte van „Totale versteuringsfoute aan reg-
terkant" het die groep met linkse direksionaliteit bedui-
dend (.05- .02-grens) minder foute as die ander groepe ge-
had. By linkshandige toetslinge kon geen vaste patroon
gevind word nie. (Gewoonlik toon linkshandige persone
regse direksionaliteit of geen onderskeid tussen die twee
kante van die liggaam nie.) Geen ondersteuning is gevind

vir die hipotese dat die Galvaniese velrespons-direksionaliteit in verband staan met regse teenoor linkse direksionaliteit van Liggaamsversteuringsfoute nie.

Fisher en Abercrombie som die bevindings in hierdie ondersoek, en meer spesifiek met betrekking tot dié versteuringsmaatstaf, soos volg op:

The distorted figures do wake responses which provide information about the subjects body distortion attitudes, but perhaps what is of greater importance is that they create exspectancies and sets which stimulate autistic projection to the non-distorted figures (1958, p. 328).

H O O F S T U K 2

METODE

Proefpersone

Die Persoonstekentoets is op 314 eerstejaardamestudente en 106 eerstejaarmanstudente toegepas. Van hulle was 347 studente aan die Potchefstroomse Onderwyskollege, terwyl 73 studente in Sielkunde I aan die P.U. vir C.H.O. was.

Ten einde n groep toetslinge te verkry wat ten opsigte van geslag, akademiese peil, mate van kunsopleiding en lateraliteit homogeen sou wees, is besluit om slegs regshandige dames* met geen kunsopleiding, verder as standerd sewe nie, as proefpersone vir die verdere deel van die ondersoek te gebruik. Uit die groep van 314 vroulike toetslinge was 19 (dit is 6.08%) linkshandig; 16 persoonstekeninge was onbruikbaar; 55 dames het kunsopleiding na stan-

* Verskeie ondersoeke, onder andere Fisher (1958), het aangetoon dat linkshandige proefpersone geen direksionaliteit ten opsigte van Galvaniese velresponsreaktiwiteit toon nie. Voorts het Fisher en Abercrombie (1958) gevind dat linkshandige proefpersone geen beduidende verband tussen Galvaniese velresponsdireksionaliteit en die verskillende regs teenoor linkse tachistoskopiese liggaamsbeeldversteuringstellings gelewer het nie. Op grond van dié resultate is besluit om slegs regshandige proefpersone te gebruik.

derd sewe gehad. Gevolglik het 224 dames oorgebly wie se persoonstekeninge verder in die ondersoek gebruik kan word.

Beide die manlike en vroulike tekeninge van die 224 damesproefpersone is daarna volgens die Kwaliteitskaal van Wagner en Schubert (1955) beoordeel. Die manlike sowel as vroulike tekeninge is afsonderlik nagesien. Die twee tellings (wat elk van 1 tot 7 strek) is bymekaargetel om 'n enkele telling te kry, wat van 1 tot 14 strek. Om die betroubaarheid van die nasien verder te verhoog, is beoordelings van nog 'n beoordelaar by die eerste gevoeg en so is die skaal dan nog verder verbreed tot 'n maksimumtelling van 28. Die mediaan van hierdie groep op die Kwaliteitskaal was 14. Ten einde 'n groep te verkry wat ten opsigte van hierdie veranderlike homogeen was, is die protokolle van proefpersone met tellings tussen 12 en 16, dit wil sê 2 tellings weerskante van die mediaan, geneem vir verdere beoordeling. Dit het 104 gevalle gelaat vir verdere ondersoek.

Hierdie toetslinge se tekeninge is, vervolgens, op die Liggaamsbeeldversteuringskaal (Fisher, 1959) beoordeel. Die 25 persent toetslinge wat die laagste tellings gekry het (dit is die 26 tekeninge met die minste versteurings, van 4 tot 8) en die 25 persent toetslinge wat die hoogste tellings gekry het (dit is die 26 tekeninge met die meeste

versteurings, van 12 tot 22), is verder gebruik. In die verdere beskrywings sal hierdie twee groepe respektiewelik aangedui word as die Onderste en Boonste Groepe.

Deur hierdie seleksie is twee uiterste groepe ten opsigte van liggaamsbeeldversteuring (met tekeningkwaliteit konstant gehou) teenoormekaar gestel. Verdere vergelykings op die Versperrings- en Deurdringbaarheidsdimensie van die Rorschachtoets, die Assosiatiewe-Opnoemingsvraelys en die Tachistoskopiese Liggaamsbeeldskaal is op hulle uitgevoer.

Toetsing

Persoonstekentoets

Die Persoonstekentoets kon, weens die groot aantal toetslinge, nie individueel toegepas word nie. Die toetslinge is in hulle klasse (praktiese klasse in die geval van die Sielkunde-studente) getoets, in lokale wat aan hulle bekend was. Die groepe het gewissel tussen ongeveer 36 en 40 persone per groep.

As gevolg van die feit dat die toets in 'n groepsituasie toegepas moes word, kon die standaardinstruksies van Machover (1949) nie gebruik word nie. 'n Spesiale toetsboekie is vir dié doel saamgestel (sien Bylae A vir

n hertikte kopie). Die tekeninstruksies was n uitbreiding van Machover se instruksies om n persoon en n persoon van die teenoorgestelde geslag te teken. Aanwysings omtrent onvolledige figure en strepiesfigure wat in die individuele toetsituasie gegee sou word indien die toetsling sodanige tekeninge sou begin maak, is ingesluit, asook n gerusstelling omtrent kunsaanleg. Die tekeninge is op blankovelle van 10 x 8 duim gemaak. Elke toetsling moes n potlood en n uitveër hê en die aanwysings het spesifiek vermeld dat uitgevee mag word. Om te voorkom dat sommige vinnige tekenaars andere pla, het die toetsboekie na die ruimte van die eerste tekening, die Warteggstorietoets bevat, wat bestaan het uit die begin van drie stories wat die toetsling moes voltooi.

Vooraf is die proefpersone gevra om n paar persoonlike gegewens voor op die boekie in te vul. Daarna is die instruksies met betrekking tot die eerste tekening gegee. Sodra die toetsling sy of haar eerste tekening klaar gehad het, moes hy of sy solank begin met die eerste storie. Sodra almal klaar gehad het met hulle eerste tekeninge, moes almal omblaai na die bladsy waarop die opdrag was om n persoon van die teenoorgestelde geslag as die eerste, te teken. Ook was die opdrag dat sodra n toetsling met die tweede tekening klaar gehad het, hy of

sy moes terugblaai na die onvoltooide stories en dié klaar maak. Dit is gedoen om te voorkom dat persone wat die lokaal verlaat, die wat nog besig was, sou pla. Die proefpersone is egter nie ingelig waarom die Warteggstorietoets daar was nie. In die algemene aanwysings is die toetslinge ook gevra om hulle nie deur ander te laat beïnvloed nie. Goeie toesig is ook gehou.

Kriteriumveranderlikes

Die drie toetse wat kriteriumtellings moes verskaf vir die validering van die Liggaamsbeeldversteuringsskaal, is al drie tydens dieselfde toetsingsessie afgeneem. Die toetslinge was die Onderste en Boonste Groepe van 26 elk soos tevore beskryf. Hulle is in klein groepies getoets wat onderskeidelik uit 8, 9, 8, 4, 3, 2, 10, 5 en 3 toetslinge elk bestaan het. Die lede van die Boonste en Onderste Groepe is deurmekaar geneem. Vooraf is dit duidelik aan elke toetsgroep gestel dat die gegewens streng vertroulik behandel sou word. Ook is dit duidelik gestel dat nie een van die toetse 'n intelligensietoets is nie. Aangesien die opstel van die apparaat dit genoodsaak het dat die proefpersone na aan mekaar moes sit, is daar ook 'n beroep op elke groep gedoen dat elke proefpersoon haar eie werk moes lewer, siende dat daar nie regte of verkeer-

de antwoorde was nie.

Rorschachinkvleктоets. - Die Rorschachinkvlekte, op skyfies vasgelê, is deur middel van 'n skyfieprojektor op 'n doek vertoon. Die beelde was ongeveer vyf voet groot op die doek. Die toets is toegepas in 'n gedeeltelik verdonkerde lokaal. Dit was donker genoeg dat die geprojekteerde beelde helder sigbaar was, maar lig genoeg dat die toetslinge kon sien om te skryf. Die hoeveelheid beligting was dieselfde vir die verskillende groepe.

Die instruksies, wat by elke groep onveranderd herhaal is, was soos volg:

Op die skerm, hier, gaan ek aan u 'n aantal kaarte projekteer. Dit is eenvoudig saamgestel deur 'n inkkol op 'n stuk papier te drup en die papier in twee te vou - 'n simmetriese figuur word natuurlik so gevorm. Al wat van u verwag word, is dat u so volledig as moontlik in die boekie wat u daarvoor gekry het, beskryf wat u sien.

In die geval van kaarte I, II, III en VIII moet u drie response per kaart lewer. In die geval van die ander kaarte moet u slegs twee response per kaart lewer. Ek sal die aantal response vir elke kaart weer herhaal as dit vertoon word.

Nommer die verskillende kaarte met die response daarby asseblief baie duidelik, byvoorbeeld: Kaart I, respons a, b, ensovoorts.

Is daar enige vrae?

Vrae wat nog opgeduik het, is so indirek en ongespesifiseerd moontlik beantwoord.

Ongeveer vier minute per kaart was voldoende om die nodige aantal response neer te skryf. Soos in die aanwysings genoem, is die totale aantal response tot 24 beperk: drie vir elk van die volgende kaarte: I, II, III en VIII; twee response vir elk van die volgende kaarte: IV, V, VI, VII, IX en X. Hierdie prosedure is gevolg om die toets so na as moontlik toe te pas so as wat Fisher en Cleveland (1958) dit gebruik het (sien ook vorige hoofstuk).

Assosiatiewe Opnoeming. - Hierdie toets is in die werklike toepassing in die middelposisie van die battery geplaas. Dit is gedoen omdat gevrees is dat indien dit laaste sou wees, die name van liggaamsdele wat opgenoem moes word, medebepaal sou word deur herinneringe en assosiasies na aanleiding van die foto's in die Tachistoskopiese Liggaamsbeeldtoets. In dié geval sou die opnoeming nie meer spontaan plaasgevind het nie, maar wel na aanleiding van definitiewe stimuli. Daarbenewens het die toets, wat ongeveer 5 tot 10 minute duur, 'n soort pouse gevorm tussen die twee langer en gevolglik uitputtender toetse.

'n Kopie van die vraelys is in Bylae E ingesluit. Die instruksies was heel eenvoudig en het die volgende behels:

Vul asseblief die paar gegewens in wat bo-aan die

vorm gevra word. Daarender sien u dat daar drie kolomme is met die volgende hoofde: „Name van kleure“, „Name van dele van die liggaam“ en „Name van beroepe“. Al wat van u verwag word, is om tien name van kleure, liggaamsdele en beroepe onder die onderskeie hoofde neer te skryf. Is daar enige onduidelikhede?

In die geval van een groep was dit nodig om die proefpersone daarop te wys dat slegs die name van menslike liggaamsdele neergeskryf moet word en nie dié van diere nie.

Tachistoskopiese Liggaamsbeeldtoets. - Hierdie toets was die laaste van die battery van drie wat toegepas is. Hierdie toets neem ongeveer vyf-en-dertig minute om te voltooi. Twaalf skyfies van persone se liggame is deur middel van n skyfiesprojektor op n doek geprojekteer. Bylae F toon afdrucke van die betrokke foto's. Die geprojekteerde beelde was ongeveer vyf voet hoog. Die toets is ook in die gedeeltelik verdonkerde lokaal toegepas. Die fotoskyfies is tachistoskopies vertoon. n Kamerasluiters wat voor die lens van die projektor gemonteer is, het as tachistoskoop gedien. Elke skyfie is agtereenvolgens vir 0.1, 0.2, 0.5 en 1 sekonde vertoon. Na elke flits moes die toetslinge eers neerskryf, wat hulle gesien het. Die oorspronklike opdrag (Fisher en Abercrombie, 1958) aan die proefpersone lees as volg in vertaling:

Ek wil nou aan u n aantal skyfies van persone se

liggame vertoon. Elke skyfie sal eers vir 'n baie klein gedeelte van 'n sekonde vertoon word en daarna vir nog 'n paar keer, elke keer vir 'n bietjie langer. Na elke vertoning moet u neerskryf as u enigiets buitengewoons, versteurds of eienaardigs in verband met die persoon se liggaam opgemerk het.

Die proefpersoon se response is in die oorspronklike ondersoek verbatim afgeneem. In die huidige ondersoek is die toets in groepe afgeneem en daarom was dit nodig om die laaste gedeelte as volg te verander:

...Na elke flits op die doek, hier, moet u op die papier wat u ontvang het, skryf of u enigiets buitengewoons, versteurds of eienaardigs in verband met die persoon se liggaam opgemerk het. Nommer u antwoorde of response asseblief so duidelik as moontlik. Wees ook asseblief so volledig as moontlik in u antwoorde.

Die response wat na aanleiding van elke flits gelewer is, is afsonderlik beoordeel. Die totaal vir al vier flitse is as die totaal vir die spesifieke skyfie gereken.

Beoordelaars en Beoordelings

In hierdie ondersoek is al die toetsprotokolle eers deur die skrywer self beoordeel. Na die aanvanklike beoordeling is die toetse weer by wyse van kontrole beoordeel. Die laaste beoordeling is dan as finaal beskou. Met die oog op verhoging van die betroubaarheid van beoordelings, is alle beoordelings ook deur 'n tweede, onafhank-

like beoordelaar herhaal. Die persoonstekeninge is op die Kwaliteitskaal ook nog deur 'n M.Sc.-studente in Sielkunde beoordeel. Die tekeninge is op die Liggaamsbeeldversteuringskaal beoordeel deur 'n ander M.Sc.-student in die Sielkunde; hy het ook die Rorschach-protokolle beoordeel. Beide hierdie medebeoordelaars het hulleself eers deeglik instudeer in die betrokke skale en die gebruike daarvan.

H O O F S T U K 3

RESULTATE

Interbeoordelaarbetroubaarhede

In Tabel 1 word die interbeoordelaarbetroubaarhede en die Spearman-Brown-korreksies daarvan, asook die aantal proefpersone in elke geval, aangetoon vir die verskillende beoordelingskale wat in die ondersoek gebruik is. Die Spearman-Brown-korreksies is aangebring omdat ontledings vir die betrokke veranderlikes uitgevoer is op tellings wat op die gekombineerde beoordelings van twee beoordelaars berus het.

Soos uit die interbeoordelaar-korrelasiekoëffisiënte blyk, was die beoordelaarbetroubaarhede hoog genoeg vir die doeleindes van 'n groeponderzoek soos die huidige. Hoewel beide beoordelaars hul telkens deeglik instudeer het in die verskillende maatstawwe, moet in aanmerking geneem word dat, in die geval van elkeen van die tekenskale, dit die eerste keer was dat beide die beoordelaars tekeninge op die skale nagesien het. Dit in aanmerking geneem, kan die korrelasies oor die algemeen as hoog genoeg beskou word.

Uit 'n samespreking tussen die beoordelaars het ge-

Tabel 1

Interbeoordelaarbetroubaarhede en Spearman-Brown-korreksies
daarvan vir Verskillende ~~T~~ellings.

Skaal	<u>n</u>	<u>r</u>	<u>r</u> _{SB}
Kwaliteit	224	.80	.89
Liggaamsbeeld	104	.72	.84
Versperring	52	.84	.91
Deurdringbaarheid	52	.50	.67

blyk dat daar 'n verskil in interpretasie ten opsigte van een item op die Liggaamsbeeldversteuringskaal, te wete: Uitvee (i), bestaan het, want in 'n baie groot aantal van die tekeninge is daar uitgevee. Beoordelaar A het slegs 'n strafpunt toegeken wanneer die uitwissing baie duidelik uitgestaan het. Daarenteen het beoordelaar B 'n strafpunt toegeken vir 'n uitwissing wat net sigbaar was. Dié verskil in uitgangspunt kan moontlik gedeeltelik die relatief lae korrelasie ($r = .72$), verklaar.

In die geval van die Assosiatiewe Opnoemingstellings en die Tachistoskopiese Liggaamsbeeldtellings is interbeoordelaarsbetroubaarheid nie nagegaan nie, aangesien daar nie subjektiewe beslissings op die spel was nie. Die nasiening het in eersgenoemde geval bestaan uit die telling van die frekwensies waarmee woorde gebruik is. In laasgenoemde geval het die nasiening bestaan uit korrek - verkeerde beslissings in terme van die werklike afwyking in die beeld wat vertoon is.

Verbande met Kriteriumveranderlikes

Rorschachskale

Tabel 2 toon 'n vergelyking tussen die onderste 26 proefpersone en die boonste 26 proefpersone (verdeel

Tabel 2

Vergelyking van Boonste en Onderste Groepe ten Opsigte van Rorschachtellings, deur Middel van U-toets.

Rorschach-kategorie	Laagste tellings	Z-tellings	P
Versperring	O.G.*	1.10	.10 - .20
Deurdringbaarheid	B.G.**	1.18	.10 - .20

* O.G. = Onderste Groep proefpersone.

** B.G. = Boonste Groep proefpersone.

volgens tellings op die Liggaamsbeeldskaal) ten opsigte van die Versperrings- en Deurdringbaarheidstellings op die Rorschachinkvlekttoets. Die toets vir verskille wat gebruik is, is die nie-parametriese Mann-Whitney-U-toets met korreksie vir gelykop range (Siegel, 1956). Die U-toets is gebruik omdat die meting op hierdie twee maatstawwe nie sterker is as meting op 'n ordinale skaal nie. Die afstande tussen enige twee punte op dié skale kan nie gespesifiseer word nie, maar wel die verhouding tussen hulle, naamlik die rangorde van 'n meerdere of mindere mate van Versperring of Deurdringbaarheid. Met behulp van die U-toets kan bepaal word of twee onafhanklike steekproewe uit dieselfde populasie getrek is. Voorts is dié toets een van die kragtigste nie-parametriese toetse en 'n baie bruikbare alternatief vir die parametriese t-toets wanneer die onderzoeker die aannames wat by die t-toets gemaak word wil vermy, of wanneer die meting swakker as intervalskaling is.

Uit die gegewens wat in Tabel 3 gerapporteer is, blyk dat daar nie beduidende verskille tussen die Boonste en Onderste Groepe bestaan het ten opsigte van die Versperrings- en Deurdringbaarheidstellings nie.

Assosiatiewe Opnoeming

Tabel 3 toon die verskille tussen die Onderste

Tabel 3

Vergelyking van Onderste Groep (O.G.) en Boonste Groep (B.G.) ten Opsigte van Name van Liggaamsdele wat Opgenoem is.

Liggaamsdeel	Frekwensie		Chi ²	Rangorde	
	O.G.	B.G.		O.G.	B.G.
Been	24	25	0.00	1	1
Arm	21	23	0.14	2	2
Kop	19	20	0.00	5	3
Hand	20	19	0.00	3	4.5
Voet	19	19	0.00	5	4.5
Vingers	14	17	0.32	10	6.5
Oog	17	17	0.00	7	6.5
Nek	5	15	6.56*	15	8
Oor	19	14	1.34	5	9
Neus	13	12	0.00	11	10
Toon	16	11	1.24	8	11
Bors	6	7	0.00	14	12.5
Mond	15	7	3.84**	9	12.5
Hart	7	5	0.28	13	14
Maag	9	4	1.64	12	15

* Beduidend by .02-grens.

** Beduidend by .05-grens.

Groep en die Boonste Groep ten opsigte van die frekwensies waarmee name van liggaamsdele in Bennett se Assosiatiewe Opnoemingstoets opgenoem is. Die chi-kwadraattoets (Siegel, 1956) is gebruik om die beduidendheid van verskille te bepaal, aangesien hierdie gegewens slegs meting op 'n nominale skaal verteenwoordig. Slegs frekwensies binne bepaalde klasse is getel. Yates se korreksie vir kontinuiteit is toegepas. Slegs die name van liggaamsdele waarby die gekombineerde frekwensies van die Onderste en Boonste Groepe 10 of meer was, is in Tabel 5 ingesluit. Dit is gedoen omdat die chi-kwadraattoets nie toegepas kan word in gevalle waar die verwagte frekwensie kleiner as 5 is nie; in hierdie geval sou 'n gekombineerde (waargenome) frekwensie van 10, 'n verwagte frekwensie van 5 vir elke groep gee.

Slegs „nek" en „mond" het beduidende verskille in frekwensie tussen die Boonste en Onderste Groepe getoon. Die verskil tussen die totale frekwensies van die twee groepe was ook nie beduidend nie.

Op grond van die frekwensies wat in Tabel 3 aangegee word, kan bepaal word of daar tussen die twee groepe enige rangordeverskil bestaan ten opsigte van die liggaamsdele. 'n U-toets is uitgevoer op die range vir die twee

groepe gesamentlik; die U-waarde van 105 wat verkry is, is nie beduidend nie. Tabel 3 toon ook die rangordes, gebaseer op die frekwensies vir die liggaamsdele vir die twee groepe afsonderlik. 'n Spearman-rangordekorrelasiekoëffisiënt is met behulp van hierdie gegewens bereken. Die beduidendheid van die koëffisiënt van .66 wat verkry is, lê tussen die .05- en .01-grense. Dit dui dus daarop dat daar nie slegs geen beduidende rangordeverskille in hierdie verband tussen die twee groepe bestaan nie, maar dat daar ook 'n beduidende mate van ooreenstemming bestaan tussen die frekwensies waarmee die verskillende liggaamsdele deur die Boonste Groep en Onderste Groep opgenoem is.

In Tabel 4 word die liggaamsdele, met hulle frekwensies, aangetoon waarby die som van die frekwensies van die Boonste en Onderste Groepe kleiner as 10 was. Dit is ook dié liggaamsdele wat minder as vyfmaal deur een of beide van die groepe genoem is. Die totale aantal vermeldings van sodanige seldsaam vermelde liggaamsdele is 17 by die Onderste Groep en 45 by die Boonste Groep. 'n Chi-kwadraattoets wat op hierdie twee syfers uitgevoer is, het 'n waarde van 12.64 gelewer, wat by 'n aansienlik meer as .01-grens beduidend is. Dit kom dus neer op 'n beduidende verskil tussen die twee groepe ten opsigte van homogeenheid-heterogeenheid by die opnoem van liggaamsdele.

Tabel 4

Frekwensie van Liggaamsdele waarby Gekombineerde Frekwensie van Onderste Groep (O.G.) en Boonste Groep (B.G.) Kleiner as 10 was.

Liggaamsdeel	Frekwensie	
	O.G.	B.G.
Hare	3	5
Romp	3	5
Longe	3	2
Tande	1	3
Rug	1	2
Lippe	1	2
Ribbes	1	1
Skouerblad	1	1
Wange	1	1
Naels	1	1
Onderlyf	1	1
Knieg	-	4
Skouers	-	3
Middellyf	-	3
Lyf	-	2
Elmboog	-	2
Borsbeen	-	1
Dye	-	1
Ken	-	1
Enkel	-	1
Gesig	-	1
Bobeen	-	1
Kuit	-	1

Tachistoskopiese Liggaamsbeeldtoets

Die verskille tussen die Onderste Groep en die Boonste Groep ten opsigte van die sewe versteuringstellings op die Tachistoskopiese Liggaamsbeeldtoets is ook deur middel van die Mann-Whitney-U-toets statisties verwerk. Die vergelykende analise word in Tabel 5 getoon. In dieselfde tabel word ook aangetoon watter groep die minste versteuringsfoute gemaak het.

Indien die Liggaamsbeeldversteuringskaal, na gelykmaking van tekeningkwaliteit, 'n geldige maatstaf van liggaamsbeeldversteuring is, sou verwag kon word dat die Onderste Groep die minste versteuringsfoute sou toon. In elk van die sewe kategorieë was dit dan ook die geval. In die geval van drie van die kategorieë was die verskille egter nie beduidend nie.

In Tabel 6 word die gemiddelde versteuringsfoute ten opsigte van die twee verskillende liggaamskante van sowel die Onderste as Boonste Groepe getoon. Die rekenkundige gemiddeldes is bereken deur die totale aantal versteuringsfoute ten opsigte van die linkerkant van die liggaam te deel deur die aantal proefpersone in elke groep. Dieselfde prosedure is gevolg in die geval van die aantal versteuringsfoute aan die regterkant van die liggaam.

Tabel 5

Vergelyking van Boonste en Onderste Groepe ten Opsigte van Versteuringstellings, deur Middel van U-toets.

Versteuringstellings	Laagste tellings	Z-telling	P
1. Totale aantal versteuringsfoute.	O.G.	1.11	.10 - .20
2. Aantal versteurings nie raakgesien nie.	O.G.	1.06	.10 - .20
3. Aantal onrealistiese versteurings aangegee vir al die figure.	O.G.	2.08	.01
4. Aantal onrealistiese versteurings by normale figure.	O.G.	1.08	.10 - .20
5. Totale aantal versteuringsfoute met betrekking tot regterkant van die figuur.	O.G.	1.81	.02 - .05
6. Totale aantal versteuringsfoute met betrekking tot linkerkant van die figuur.	O.G.	1.60	.05
7. Verskil tussen aantal linkerkantse en regterkantse versteuringsfoute.	O.G.	2.40	.01

Tabel 6

Gemiddelde ~~F~~ellings van Onderste en Boonste Groepe ten Op-
sigte van Versteuringsfoute aan Linker- en Regterkant van
Liggaam.

Groep	Versteuringsfoute	
	Linkerkant	Regterkant
O.G.	2.00	1.00
B.G.	2.58	2.00

Ook hier het die Onderste Groep ten opsigte van albei kante van die liggaam minder foute as die Boonste Groep gemaak.

H O O F S T U K 4

BESPREKING VAN RESULTATE

Interbeoordelaarbetroubaarhede

In die huidige ondersoek is van 'n uiters geselekteerde groep proefpersone gebruik gemaak. Eerstens was dit 'n groep eerstejaarstudente (mediane opvoedkundige vlak dus 12 jaar). Tweedens het die groep slegs uit dames bestaan. Derdens was die groep verder geselekteerd in dié opsig dat nie een van die proefpersone kunsopleiding na standerd 7 ontvang het nie. In die laaste instansie was al die proefpersone regshandig.

Downie (1958) wys daarop dat geselekteerdheid by 'n groep die betroubaarheidskoëffisiënte (in hierdie geval interbeoordelaarsbetroubaarhede) by so 'n groep verlaag. Strümpfer (1962) het in 'n vergelyking van studente en funksionele psigote ook sodanige neiging gevind, naamlik dat betroubaarheidskoëffisiënte by die studentegroep laer was as by die pasiëntegroep.

Bogenoemde in aanmerking geneem, is die interbeoordelaarbetroubaarheidskoëffisiënte in Tabel 1 nie te laag nie. Hulle stem min of meer ooreen met koëffisiënte wat tevore gerapporteer is.

Die korrelasiekoëffisiënt in die geval van Liggaamsbeeldversteuringskaal was betreklik laag ($\underline{r} = .72$; $\underline{r}_{SB} = .84$), hoewel Strümpfer (1962) by 'n groep studente 'n nog laer korrelasie ($\underline{r} = .66$; $\underline{r}_{SB} = .80$) gevind het. By 'n groep Amerikaanse studente het dieselfde ondersoeker (Strümpfer en Nichols, 1962) 'n korrelasie van .76 ($\underline{r}_{SB} = .86$) gevind.

Die korrelasiekoëffisiënte in die geval van die Kwaliteitskaal ($\underline{r} = .80$; $\underline{r}_{SB} = .89$) is heelwat hoër as by die Liggaamsbeeldversteuringskaal. Dit is dieselfde as wat Strümpfer en Nichols (1962) in Amerika ($\underline{r} = .85$; $\underline{r}_{SB} = .92$) gevind het, hoewel effens laer as wat Strümpfer (1963b) in Suid-Afrika gevind het ($\underline{r} = .86$; $\underline{r}_{SB} = .92$). Wagner en Schubert (1955) het tussen ervare beoordelaars koëffisiënte hoër as .90 gevind; vir onervare beoordelaars was die korrelasiekoëffisiënte egter hoër as .80.

By die Rorschachskale was die betroubaarheid van die Versperringstelling aanvaarbaar ($\underline{r} = .84$; $\underline{r}_{SB} = .91$), maar in die geval van die Deurdringbaarheidstelling is dit onbevredigend laag ($\underline{r} = .50$; $\underline{r}_{SB} = .67$). Laasgenoemde is, trouens, so laag dat die bevindings in dié gedeelte van die ondersoek ernstig onder verdenking kom as gevolg van die verskil tussen die twee beoordelaars. Ramer (1963)

het n interbeoordelaarkorrelasie van .89 ten opsigte van die Versperringstellings gevind. In vorige ondersoek, in teenstelling met die huidige, was die korrelasiekoëffisiënte in die geval van die Deurdringbaarheidskategorie oor die algemeen hoër as dié van die Versperringskategorie.

In n opsomming van die interbeoordelaarsbetroubaardhede (Tabel 1) kan gesê word dat die betroubaardhede van die skale, behalwe in die geval van die Deurdringbaarheidstelling, hoog genoeg was dat groepsondersoekes soos die huidige op grond van slegs een beoordelaar se beoordelings, uitgevoer kon word. Dit ly egter geen twyfel dat die kombinerings van beoordelings deur meer as een persoon die betroubaardhede verhoog nie. Daarenteen, was die betroubaardhede ook nie hoog genoeg dat individuele voorspellings op grond van slegs een, of selfs twee, beoordelaars se beoordelings gemaak kan word nie.

Verbande met Kriteriumveranderlikes

Rorschachskale

In vorige ondersoek is Versperrings- en Deurdringbaarheidstellings op die Rorschachinkvlekttoets vergelyk met, onder andere, ^{GVR}~~EEG~~-reaktiwiteit, aanpasbaarheid, ouderdomstoename, ensomeer (sien Hoofstuk I). In die hui-

dige ondersoek is twee groepe proefpersone gebruik wat ver-
deel is op grond van die mate waartoe hulle versteurd was
ten opsigte van hul liggaamsbeeld. Die hipotese wat hier-
uit voortvloei, is dan dat persone wat minder versteurd is
ten opsigte van liggaamsbeeld hoër Versperringstellings en
laer Deurdringbaarheidstellings op die Rorschach sou kry
as die persone wat meer versteurd is ten opsigte van lig-
gaamsbeeld. Anders gedefinieer: Daar kan verwag word dat
die Boonste Groep en die Onderste Groep beduidend sal ver-
skil ten opsigte van hul Versperrings- en Deurdringbaar-
heidstellings, en wel in die rigting dat die Onderste Groep
n hoër Versperringstelling en n laer Deurdringbaarheids-
telling sal lewer as die Boonste Groep.

In Tabel 2 is bevindings in die verwagte rigting
aangetoon. Die waarskynlikheid van n beduidende verskil
is egter slegs .10 tot .20. Aangesien dié verskille nie
by minstens die .05-grens beduidend is nie, moet die hipo-
tese verwerp word.

n Faktor wat moontlik in verband met die nie-be-
duidende verskille in aanmerking geneem moet word, is dat
die Rorschach in n groepsituasie toegepas is. Dit sou
interessant gewees het om na te gaan of daar enige ver-
skil tussen Versperrings- en Deurdringbaarheidstellings

aanwesig sou wees wanneer die Rorschach individueel en groepsgewys afgeneem word.

In verband met die nie-beduidende verskille dien n bevinding van Fisher en Cleveland (1958; asook van Appelby, deur hulle aangehaal) miskien ook aangehaal te word. Hul- le het tot die slotsom geraak dat dames oor die algemeen by hierdie toetstaak minder sterk gemotiveerd was as mans. In die huidige ondersoek is net vroulike proefpersone ge- bruik. Ongelukkig is daar nie n kontrolegroep van mans om dié verklaring te toets nie.

Afgesien van die probleem van motivering vir die toetstaak kan die vraag verder ontstaan of, indien daar ook manlike toetslinge was, die resultate daardeur beïn- vloed sou gewees het. Fisher en Cleveland (1958) het die volgende resultate, in n vergelyking tussen seuns en dog- ters, gekry: (i) Ouderdom 5 tot 7 jaar: dogters bedui- dend meer (.02-grens) Versperringsresponse as seuns en laasgenoemdes beduidend (.01-grens) meer Deurdringbaar- heidsresponse. (ii) Ouderdom 10 tot 13 jaar: Seuns lewer beduidend (.02- .05-grens) meer Versperringsresponse as die dogters. (iii) Vir ander ouderdomsgroepe was daar geen beduidende verskil nie. Al dié groepe was van bogemiddelde intelligensie en sosiale status. Bogenoem-

de bevindings is ook deur ander ondersoekers (Friedman, 1952) ten opsigte van ander persoonlikheidsveranderlikes gevind. Aangesien die toetslinge almal eerstejaarstudente was, wil dit voorkom asof manlike toetslinge nie n verandering in die resultate ten opsigte van hierdie kriteriumveranderlikes sou veroorsaak het nie. Na die puberteitsjare toon die Versperrings- en Deurdringbaarheidstellings, volgens Fisher (1959b), geen beduidende veranderinge met die toenemende ouderdom nie.

Ten slotte moet die gevolgtrekking egter gemaak word dat, wanneer tekeningkwaliteit konstant gehou word, die Liggaamsbeeldversteuringskaal nie in terme van die Rorschachskale as kriteria, n geldige maatstaf is nie. Die vraag wat nog onbeantwoord gelaat word deur hierdie deel van die ondersoek, is of van hierdie maatstawwe van „liggaamsbeeld" in werklikheid verwag kan word dat hulle met mekaar moet korreleer. Die vraag is of die tekening- en Rorschachmaatstawwe nie fasette ondersoek wat slegs vaagweg met mekaar verband hou nie.

Assosiatiewe Opnoeming

Uit Tabel 3 (p. 64) blyk dit dat slegs „Nek" beduidend (.02-grens) minder deur die Onderste Groep as deur die Boonste Groep genoem is. Verder is „Mond" weer be-

duidend (.05-grens) meer deur die Onderste as die Boonste Groep genoem. In Bennett (1960) se ondersoek is „Nek” beduidend (.01-grens) minder deur die blinde groep proefpersone genoem as deur die normale groep. „Mond” is beduidend (.05-grens) meer deur die blindes as die normales genoem.

Word Bennett se interpretasie gevolg, dan kan gesê word dat alle dele wat deur minstens 25 persent van die proefpersone genoem is, integrale dele van die liggaamskonsep vorm. In die huidige geval is 14 dele by die Onderste Groep en 13 dele by die Boonste Groep deur ses of meer toetslinge vermeld. Ook hierdie wyse van interpretasie dui nie op ’n noemenswaardige verskil tussen die groepe nie.

Die betekenis van die verskille ten opsigte van „Nek” en „Mond” is, uit die aard van die saak, nie duidelik nie. Volgens Bennett (1960) se reël van 25 persent, vorm „Nek” wel ’n integrale deel van die liggaamskonsep van die Boonste Groep, maar nie van dié van die Onderste Groep nie. Net so is „Mond” ’n onbelangrike deel van die liggaamskonsep van die Boonste Groep, maar ’n belangrike deel van die liggaamskonsep in die geval van die Onderste Groep. Oor die betekenis van die nek as simbool van krag (De Witte,

1948) en die simboliese betekenis van die mond, veral in psigo-analitiese denke (Freud, 1930, 1949), kan heelwat gespekuleer word. Tot tyd en wyl hierdie bevindings deur kruisvalidering bevestig word, moet dergelike spekulatiewe interpretasie egter afgewys word.

In dié stadium is dit nodig om te let op die verskil tussen „liggaamskonsep” aan die een kant en „liggaamsbeeld” aan die ander kant. Uit Bennett (1960) se artikel en die resultate in die huidige ondersoek kan gestel word dat „liggaamsbegrip” meer dui op ’n sosiale stereotipe, dit wil sê, die dele van die liggaam wat algemeen beskou word as die hoofdele van die liggaam. „Liggaamsbeeld” dui meer op die subjektiewe idee van wat die eie liggaam eintlik is.

In werklikheid is die Assosiatiewe Opnoemingstoets, as maatstaf van liggaamsbegrip, dus nie ’n besondere goeie kriterium by die bepaling van die geldigheid van die Liggaamsbeeldversteuringskaal nie. In ’n belangrike mate is dit in die huidige ondersoek betrek as ’n addisionele maatstaf wat moontlik, verdere lig op die algemene probleem kon werp. In ’n negatiewe sin het dit egter geblyk van heelwat waarde te wees.

Uit Tabel 4 (p. 67) blyk dit dat die Boonste Groep ’n groter verskeidenheid liggaamsdele minder as vyfmaal ge-

noem het. Daar is twaalf dele wat glad nie deur die Onderste Groep genoem is nie. Onder dié woorde is byvoorbeeld: „borsbeen“, „bobeen“, „middellyf“, „lyf“, „dye“, „gesig“ en „kuit“. Dit wil voorkom asof hier n definitiewe begrip te bepaal is: As die genoemde woorde geanaliseer word, moet tot die gevolgtrekking geraak word dat dit woorde is wat nie liggaamsdele is in dieselfde sin as die hoofdele soos „been“, „arm“, ensovoorts nie. Bennett noem sodanige dele „nie-integrale dele“ van die liggaamsbegrip. Die opnoem van n verskeidenheid van dergelike nie-integrale dele kan dus beskou word as n vorm van liggaamsbeeldversteuring. Trouens, in Tabel 4 waar die liggaamsdele voorkom wat seldsaam vermeld is, is gevind dat slegs 17 response van die Onderste Groep in dié kategorie val, terwyl 45 response in die geval van die Boonste Groep in dié kategorie val.

Bennett het resultate gevind wat in n mindere mate, in dieselfde rigting dui. Die blinde en normaal siende proefpersone het 41 response getoon, wat deur minder as 5 persent van die groep genoem is. (As die twee groepe geskei sou gewees het, sou die getal by die normaal siende proefpersone waarskynlik heelwat laer as 41 gewees het.) Daarenteen, het die skisofrene groep 51 sulke response gelewer. Daarby moet in ag geneem word dat die groepe

uit 110 normaal siende proefpersone, 29 blinde proefpersone, dit wil sê 139 in totaal, en 83 skisofrene proefpersone bestaan het. Persentasiegewys sou die verskil heelwat indrukwekkender gewees het.

Goodenough was van mening dat:

The frequency with which any given characteristic tends to appear is a function of the extent to which it has become integrated into the developing concept (1926, p. 75).

Indien daar woorde voorkom wat nie in die liggaamsbeeld of liggaamsbegrip geïntegreer is nie, kan dit dus as 'n versteuring in die konsep van die eie liggaam beskou word. As hierdie uitgangspunt aanvaar word, wil dit voorkom asof die gegewens in Tabel 4 in die verwagte rigting is, naamlik dat versteurings ten opsigte van die liggaamsbeeld ook sal voorkom in 'n bepaling van wat die liggaamskonsep of -begrip by die Onderste en Boonste Groepe is. In dié geval behoort die meeste of grootste versteuring by die Boonste Groep voor te kom, soos dan ook die geval was in die huidige ondersoek.

Opsommend kan dus gesê word dat, hoewel die gegewens in Tabel 3 moontlik as toevallige verskille beskou kan word, die verskille wat in Tabel 6 aangetref word, in 'n definitiewe rigting dui. Hoe meer versteurd persone

ten opsigte van hul liggaamsbeeld is, hoe meer geneig skyn hulle te wees om response te lewer wat deur minder as 5 persent van 'n groep genoem word en wat dus dui op 'n gebrekkige integrasie van die liggaamsbeeld.

Tachistoskopiese Liggaamsbeeldtoets

Hoewel hier van een toets gebruik gemaak is, is die protokolle in sewe afsonderlike kategorieë nagesien. Uit Tabel 5 blyk dat vier van hierdie kategorieë die tellings beduidend onderskei het tussen die Onderste en Boonste Groepe. In al sewe gevalle was die tellings van die Onderste Groep laer as dié van die Boonste Groep. Die groep waarby meer liggaamsbeeldversteurings verwag sou word indien die Liggaamsbeeldversteuringskaal 'n geldige maatstaf is, het dit dus inderdaad getoon.

Die eerste kategorie waarby 'n beduidende verskil gevind is, was die aantal onrealistiese versteurings aangegee vir al die figure. Hier is 'n baie gevoelige situasie vir projeksie geskep. Vir die proefpersone was dit makliker om versteurde gevoelens en konsepte omtrent die liggaam te projekteer deur sodanige versteurings onrealisties aan die stimulusfigure toe te skryf, as om duidelik sigbare versteurings mis te kyk. Die situasie was bevorderlik vir projeksie deurdat dit relatief vaag en dubbelsinnig was;

daarbenewens, het daar wel versteurings by die figure voor-
gekom wat as 'n verdere stimulus kon dien.

As 'n groep hier min onrealistiese versteurings vir
al die figure sou aangee, kan aangeneem word dat hulle min-
der versteurde inhoude het om te projekteer, met andere
woorde, gekenmerk is deur 'n beter liggaamsbeeld. Aange-
sien dit die geval met die Onderste Groep was en nie met
die Boonste Groep nie, dui dit daarop dat die basis vir
seleksie van dié groepe 'n meting van Liggaamsbeeldversteur-
ing moes gewees het.

Die tweede kategorie waarby 'n beduidende verskil
gevind is, was die totale aantal versteuringsfoute met be-
trekking tot die regterkant van die figuur. Die Onderste
Groep het beduidend minder versteuringsfoute ten opsigte
van die regterkant van die figure gemaak as die Boonste
Groep. Eweneens, het die totale aantal versteuringsfoute
met betrekking tot die linkerkant van die figuur beduidend
tussen dié twee groepe gediskrimineer, weer eens met die
laagste telling aan die kant van die Onderste Groep.
Hierdie twee kategorieë hang ten nouste saam met die boge-
melde kategorie; trouens, hulle vorm eintlik deel daarvan.
Aangesien Fisher en Abercrombie (1958) die verband tussen
Galvaniese velresponso-direksionaliteit en liggaamsbeeld-

versteuring nagegaan het; het hulle ook ontleed of daar tussen hulle twee groepe n verskil was ten opsigte van versteuringsfoute tussen die twee liggaamskante. Hulle het gevind dat die groep wat linkse Galvaniese velrespons-direksionaliteit getoon het, minder foute met betrekking tot die regterkant gemaak het (.05- tot .02-grens). In die huidige ondersoek was daar geen rede om n hipotese ten opsigte van die versteuringsfoute aan die linkerkant en die regterkant van die liggaam daar te stel nie.

Die laaste kategorie wat n beduidende verskil tussen die Boonste en Onderste Groepe getoon het, was die verskil tussen die aantal linkerkantse en regterkantse versteuringsfoute. Hierdie bevinding kom egter ook neer op dieselfde resultaat as die voriges. Hulle dui daarop dat die Onderste Groep minder foute ten opsigte van beide die linker- en regterkant van die liggaam gemaak het as die Boonste Groep. Die gegewens in Tabel 6 (p. 70) bevestig die bevindings verder. Die Onderste Groep het gemiddeld 2.00 versteuringsfoute ten opsigte van die linkerkant van die figure gemaak teenoor die 2.58 van die Boonste Groep. Ten opsigte van die regterkant van die figure het die Boonste Groep gemiddeld dubbel (2 teen 1) soveel versteuringsfoute gemaak. Die gevolg is dan ipso facto dat die Onderste Groep n kleiner verskil toon ten opsigte van die

twee liggaamskante as die Boonste Groep.

Kategorie 3 - Aantal onrealistiese versteurings aangegee vir al die figure - is dus, volgens die huidige ondersoek, 'n samevatting van al die kategorieë. Dit kan in ondersoeke soos die huidige as genoegsaam beskou word en alleen gebruik word in die beoordeling van die protokolle. Fisher en Abercrombie (1958) se bevindings het ook in dié rigting gedui.

Slotsom

By die Tachistoskopiese Liggaamsbeeldtoets het die Boonste Groep beduidend meer onrealistiese versteurings vir al die figure vermeld as die Onderste Groep. Die Boonste Groep het ook by die Assosiatiewe Opnoemingstoets getoon dat hulle 'n minder geïntegreerde liggaamsbeeld gehad het as die Onderste Groep. Hierdie twee duidelike positiewe bevindings dui daarop dat die Liggaamsbeeldversteuringskaal vir beoordeling van Persoonstekeninge wel nog 'n maatstaf van liggaamsbeeldversteuring bly wanneer die invloed van tekeningkwaliteit eksperimenteel konstant gehou word. Dit kom dus voor of hierdie skaal nie slegs 'n onsuier maatstaf van die tekeningkwaliteitsfaktor is nie, maar wel ook variansie toon ten opsigte van aspekte wat verband hou met die subjektiewe beeld wat 'n persoon van sy liggaamlike kenmerke het.

OPSOMMING

In hierdie ondersoek is gepoog om vas te stel of die Liggaamsbeeldversteuringskaal (Fisher, 1959a) 'n maatstaf is van 'n afsonderlike kenmerk, te wete liggaamsbeeldversteuring, en of dit nog 'n onsuivere maatstaf is van die algemene faktor van tekeningkwaliteit. Strümpfer en Nichols (1962) het tot die gevolgtrekking gekom dat verskillende tekeningmaatstawwe swaar belaaï is met 'n sodanige faktor.

Eerstejaar- dame studente is as proefpersone gebruik. Almal was regshandig en het nie kunsopleiding na standerd 7 gehad nie. Persoonstekeninge is van die persone verkry en is op die Kwaliteitskaal (Wagner en Schubert, 1955) beoordeel. Uit 'n groep van 224 is die middelste 104 op grond van die Kwaliteitskaalbeoordelings geselekteer om 'n groep te kry wat homogeen was ten opsigte van tekenvaardigheid. Die 25 persent van dié groep wat die hoogste telling op die Liggaamsbeeldversteuringskaal gekry het en die 25 persent met die laagste tellings op hierdie skaal, is verder geselekteer. Sodoende is twee uiterste groepe ten opsigte van liggaamsbeeldversteuring (met tekeningkwaliteit konstant gehou) teenoormekaar gestel. Hierdie twee groepe is verder vergelyk ten opsigte van kriteriumveran-

derlikes: die Versperrings- en Deurdringbaarheidskale vir die Rorschachtoets (Fisher en Cleveland, (1958), die Assosiatiewe Opnoemingstoets (Bennett, 1960) en die Tachistoskopiese Liggaamsbeeldmaatstaf (Fisher en Abercrombie, 1958).

Interbeoordelaarbetroubaarheid is bereken vir dié maatstawwe waarby tellings wat deur meer as een beoordeelaar bepaal is, gebruik is. Behalwe in die geval van die Deurdringbaarheidstelling ($r_{SB} = .67$), is bevredigende betroubaarheid gevind. Die interbeoordelaarbetroubaarheid vergelyk goed met wat in ander ondersoeke gevind is.

Oor die algemeen is resultate in die verwagte rigting gevind by die nagaan van verbande met die kriteriumveranderlikes. Die groep met die laagste tellings op die Liggaamsbeeldversteuringskaal het op die twee Rorschachskale tellings gegee wat oor die algemeen op n beter aanpassing gedui het, maar die verskil was nie beduidend nie.

Vier van die sewe kategorieë in die Tachistoskopiese Liggaamsbeeldtoets het beduidend onderskei tussen die Onderste en Boonste Groepe, hoewel die betrokke tellings eintlik tot een gereduseer kan word. Hiervolgens was die Onderste Groep minder versteurd ten opsigte van hulle liggaamsbeeld.

Die Onderste en Boonste Groepe het nie beduidende verskille getoon ten opsigte van die rangorde of frekwensies waarmee name van liggaamsdele in die Assosiatiewe Opnoemingstoets opgenoem is nie. Die woorde, waarvan die totale frekwensies minder as 10 was, het egter baie duidelik tussen die Onderste en Boonste Groepe onderskei. Die Boonste Groep het beduidend (meer as .01-grens) meer sulke response gelever. Dit kan as 'n aanduiding van versteuring in die liggaamsbeeld gereken word.

Uit dié resultate kom dit voor asof die Liggaamsbeeldversteuringskaal wel, benewens tekeningkwaliteit, ook die mate van liggaamsbeeldversteuring meet.

SUMMARY

In the present study an attempt was made to determine whether the Body Image Disturbance Scale (Fisher, 1959a) is a measure of a distinctive feature, i.e. body image disturbance, or whether it is only another impure measure of a general factor quality of drawing. Strümpfer and Nichols (1962) came to the conclusion that various drawing variables showed a heavy loading on such a factor.

Female first year students were used as subjects. All subjects were righthanded and none had taken Art as a subject in school beyond standard 7. Human figure drawings were obtained from the subjects and rated on the Quality Scale (Wagner and Schubert, 1955). Out of a group of 224 subjects the middle 104 were selected on the basis of the Quality Scale ratings, in order to obtain a homogeneous group with respect to quality of drawing. The 25 per cent of this group who obtained the highest scores on the Body Image Disturbance Scale and the 25 per cent who obtained the lowest scores were selected for further comparison on other scales. In this way two extreme groups with respect to body image disturbance (with quality of drawing held constant) were contrasted. These groups were compared with respect to the following criteria: the Ror-

schach Barrier and Penetration Scores (Fisher and Cleveland, 1958), the Tachistoscopic Body Image Measure (Fisher and Abercrombie, 1958) and the Associative Listing Test (Bennett, 1960).

Inter-scorer reliabilities were calculated for those measures on which scores determined by more than one scorer were used. Except in the case of the Penetration Score ($r_{SB} = .67$), acceptable reliabilities were found. The inter-scorer reliabilities compared favourably with those found in other studies.

In general, results in the expected direction were found in the investigation of the relationships with criterion variables. The group with the lowest scores on the Body Image Disturbance Scale obtained scores on the two Rorschach scales that indicated better adjustment, but the differences were not significant.

The Upper and Lower Groups showed no significant differences in rank-order or frequency, with which names of parts of the body were listed on the Associative Listing Test. However, words with a total frequency of less than 10 did discriminate clearly between the two groups. The Upper Group enumerated significantly (beyond .01 level) more such responses. This can be considered as indicative

of a disturbance in the body image.

Four of the seven categories on the Tachistoscopic Body Image Test discriminated significantly between the Upper and Lower Groups although the scores concerned could really be reduced to one. According to this, subjects in the Lower Group manifested less disturbance of the body image.

From the results it appears that, apart from being a measure of quality of drawing, the Body Image Disturbance Scale also measures the degree of body image disturbance.

LITERATUURVERWYSINGS

- Abel, Theodora (1953). Figure drawings and facial disfigurement. Amer. J. Orthopsychiat., 23, 253-261.
- Anastasi, Anne (1961). Psychological Testing (2^e uitg.)
New York: Macmillan.
- Bennett, D.H. (1960). The body concept. J. ment. Science, 106, 442, 56-75.
- Berman, S. & Laffal, J. (1953). Body type and figure drawing. J. clin. Psychol., 9, 368-370.
- Bodwin, F.R. & Bruck, M. (1960). The adaptation and validation of the Draw-a-Person Test as a measure of selfconcept. J. clin. Psychol., 16, 4, 427-429.
- Buck, J.N. (1948). The H-T-P technique; a qualitative and quantitative scoring manual. J. clin. Psychol.,
Monograph Supplement, No. 5.
- Cleveland, S.E. (1960). Body image changes associated with personality reorganization. J. consult. Psychol., 24, 256-261.
- Cleveland, S.E. & Fisher, S. (1956). Psychological factors in the neurodermatoses. Psychosom. Med.,
18, 3.

- Cleveland, S.E. & Fisher, S. (1957). Prediction of small group behaviour from a body image schema. Hum. Relat., 10, 223-233.
- Cleveland, S.E. & Fisher, S. (1960). A comparison of psychological characteristics and physiological reactivity in ulcer and rheumatoid arthritis groups. Psychosom. Med., 22, 4.
- Cronbach, L.J. (1960). Essentials of psychological testing (2^e uitgawe). New York: Harper.
- Davis, A.D. (1960). Some physiological correlates of Rorschach body image productions. J. abnorm. soc. Psychol., 19, 731-739.
- Deppe, Carol M. (1964). A study of the relationship between selfacceptance and various other aspects of personality functioning. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O.
- De Witte, J.J. (1948). De betekeniswereld van het lichaam; taalpsigologische, taalvergelijkende studie. Nijmegen: Centrale Drukkerij.
- Downie, N.M. (1958). Fundamentals of measurement: techniques and practices. New York: Oxford Univer. Press.

- Eigenbrode, C.R. & Shipman, W.G. (1960). The body image concept. J. abnorm. soc. Psychol., 60, 450-452.
- Fisher, S. (1958). Body image and asymmetry of body reactivity. J. abnorm. soc. Psychol., 57, 292-298.
- Fisher, S. (1959a). Body reactivity gradients and figure drawing variables. J. consult. Psychol., 23, 54-59.
- Fisher, S. (1959b). Body image boundaries in the aged. J. Psychol., 48, 315-318.
- Fisher, S. (1960). Right-left gradients in body image, body reactivity, and perception. Genet. Psychol. Monogr. 61, 197-228.
- Fisher, S. (1962). Body image boundaries and hallucinations. In L.J. West (Ed.): Hallucinations. New York: Grune & Stratton, Inc.
- Fisher, S. (1963). A further appraisal of the body boundary concept. J. consult. Psychol., 27, 1, 63-74.
- Fisher, S. & Abercrombie, J. (1958). The relationship of body image distortions to body reactivity gradients. J. Pers., 36, 368-370.
- Fisher, S. & Cleveland, S.E. (1957). Body image boundaries and adjustment to poliomyelitis. J. abnorm.

soc. Psychol., 55, 88-93.

Fisher, S. & Cleveland, S.E. (1958). Body image and personality. Princeton, N.J.: Van Nostrand.

Fisher, S. & Cleveland, S.E. (1957). An approach to physiological reactivity in terms of a body image schema. Psychol. Review, 64, No. 1, 26-37.

Fisher, S. & Fisher, Rhoda (1950). Test of certain assumptions regarding figure drawing analysis. J. abnorm. soc. Psychol., 45, 727-732.

Fisher, S. & Fisher, Rhoda (1964). Body image boundaries and patterns of body perception. J. abnorm. soc. Psychol., 68, (3), 255.

Freud, S. (1930). Three contributions to the theory of sex (2^e uitg.). (Vertaal deur A.A. Brill.) Nerv. Ment. Dis. Monogr., No. 7.

Freud, S. (1949). An outline of psycho-analysis. (Vertaal deur J. Strachey.) London: Hogarth.

Friedman, S.M. (1952). An empirical study of the castration and Oedipus complexes. Gen. Psychol. Monogr., 46, 61-130.

Goodenough, Florence L. (1926). Measurement of intelligence by drawings. Yonkers, N.Y.: World Book Co.

- Goodman, M. & Kotkov, B. (1953). Predictions of trait ranks from Draw-a-Person measurements of obese and non-obese women. J. clin. Psychol., 9, 365-367.
- Guilford, J.P. (1956). Fundamental statistics in psychology and education. New York: McGraw-Hill.
- Hamlin, R.M. (1954). The clinician as judge: a series of studies. J. consult. Psychol., 18, 233-238.
- Hammer, E.F. (1954). Relationship between diagnosis of psychosexual pathology and the sex of the first drawn person. J. clin. Psychol., 10, 168-170.
- Hanvik, L.J. (1953). The Goodenough Test as a measure of intelligence of child psychiatric patients. J. clin. Psychol., 9, 71-72.
- Holtzman, W.H., Thorpe, J.S., Swartz, J.D. & Herron, E.W., (1961). Inkblot perception and personality. Austin: Univer. Texas Press.
- Holzberg, J.D. & Wexler, M. (1950). The validity of human form drawings as a measure of personality deviation. J. proj. Tech., 14, 343-361.
- Jersild, A.T. (1960). Child psychology (5^e uitg.) London: Staples.
- Kamano, D.K. (1960). An investigation on the meaning of

- human figure drawing. J. clin. Psychol., 16, 429-430.
- Lehner, G.F.J. & Gunderson, E.K. (1953). Height relationships on the Draw-a-Person Test. J. Pers., 21, 392-399.
- Levy, S. (1950). Figure drawing as a projective technique In Abt, L.E. & Bellak, L. (Eds.). Projective psychology; clinical approaches to the total personality. New York: Knopf.
- Machover, Karen (1949). Personality projection in the drawing of the human figure. Springfield, III.: Thomas.
- Machover, Karen (1959). Drawing of the human figure: A method of personality investigation. In Anderson, H.H. & Anderson, Gladys L. (Eds.). An introduction to projective techniques and other devices for understanding the dynamics of human behavior. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice-Hall.
- Nel, B.F. & Esterhuizen, C.H. (1958). Die tekening van die menslike figuur as 'n projeksie-tegniek. Pretoria: Fak. Opvoedk., Univer. Pretoria.
- Nichols, R.C. & Strümpfer, D.J.W. (1962). A factor analysis of Draw-a-Person Test scores. J. consult.

Psychol., 26, 2, 156-161.

Phillips, L. & Rabinovitch, M.S. (1958). Social role and patterns of symptomatic behaviours. J. abnorm. soc. Psychol., 57, 2, 181-195.

Ramer, J. (1963). The Rorschach Barrier Score and social behaviour. J. consult. Psychol., 27, 6, 525-531.

Siegel, S. (1956). Nonparametric statistics for the behavioural sciences. New York: McGraw-Hill.

Strümpfer, D.J.W. (1962). n Ondersoek na die diagnostiese waarde van sekere kommuniseerbare maatstawwe vir die beoordeling van persoonstekeninge by groepe normale en funksioneel-psigotiese persone. Dept. Sielkunde, P.U. vir C.H.O.

Strümpfer, D.J.W. (1963a). The relation of Draw-a-Person Test variables to psychometric and inventory measures. Tydskr. Maatsk. Nav. (in druk).

Strümpfer, D.J.W. (1963b). The relationship of Draw-a-Person Test variables to age and chronicity in psychotic groups. J. clin. Psychol., 19, 2, 208-211.

Strümpfer, D.J.W. & Nichols, R.C. (1962). A study of some communicable measures for the evaluation of human

- figure drawings. J. proj. Tech., 26, 3, 342-353.
- Sundberg, N.D. (1961). The practice of psychological testing in clinical services in the United States. Amer. Psychologist, 16, 79-83.
- Swensen, C.H. (1957). Empirical evaluations of human figure drawings. Psychol. Bull. 54, 6, 431-466.
- Wagner, Mazie E. & Schubert, H.J.P. (1955). D.A.P. quality scale for late adolescents and young adults. Kenmore, N.J.: Delaware Letter Shop.
- Witkin, H.A., Lewis, H.B., Hertzman, M., Machover, Karen, Meissner, B.P. & Wapner, S. (1954). Personality through perception. New York: Harper.
- Wittreich, W.J. (1953a). An investigation into the nature of aniseikonic distortion. Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif, Princeton-universiteit.
- Wittreich, W.J. (1953b). Aniseikonia and distortion of the self-image. Amer. J. Psychol., 8, 357.
- Wittreich, W.J. & Radcliffe, K.B. (1955). The influence of simulated mutilation upon the perception of the human figure. J. abnorm. soc. Psychol., 51, 493-495.

BYLAE A

VOORBEELD VAN TOETSBOEKIE VIR PERSOONSTEKENTOETS

Naam: Ouderdom: Jaar Maande.
Geslag: Kursus:
(M of V) (Graad en Jaar)
Adres in Potchefstroom:
Is jy links- of regshandig?:
Het jy enige kunsopleiding buiten dié op laerskool ont-
vang?: Ja/Nee.
Indien wel, beskryf
.....

AANWYSINGS

MOENIE HIERDIE BOEKIE OOPMAAK VOORDAT JY OPDRAG KRY NIE.

Die toets bestaan uit drie take, op bladsye (ii), (v), en (ix) onderskeidelik. Wanneer jy klaar het met die eerste taak, blaai na bladsy (v) en begin met daardie taak. Gaan met dié taak aan totdat jy aangesê word om met die derde taak op bladsy (ix) te begin. Wanneer jy klaar het met die derde taak, blaai weer na bladsy (v) en voltooi die tweede taak.

Probeer asseblief om nie deur ander persone beïnvloed te word nie.

WARTEGG-STORIETOETS

Hieronder en op bladsy (vi) vind jy die begin van twee stories. Voltooi dit selfstandig met behulp van jou eie verbeeldingskrag. Dit is wenslik dat jy die stories so breedvoerig moontlik beskrywe. Gee ook 'n geskikte titel vir elke storie.

Storie 1.

In die middel van die nag word ek wakker. Ek is bewus hoe diep en duister die donker om my is. Dit is vir my asof

(vii)

Moenie omblaai nie.

BYLAE B

LIGGAAMSBEELDVERSTEURINGSKAAL SOOS IN HIERDIE ONDERSOEK GEBRUIK

Sien beide die manlike en vroulike tekening na en gee punte vir elk afsonderlik. Ken punte toe vir elk van die ondergenoemde punte vir teenwoordigheid of afwesigheid alleenlik, en nie vir die werklike aantal gevalle van uitvee, deurskynendheid, ensovoorts nie. Punt 13 is slegs op die vroulike figuur van toepassing. Tel die tellings vir die manlike en vroulike figure saam vir die totaal.

1. Uitvee (gee slegs een punt per tekening as een of meer uitwissings baie duidelik uitstaan).
2. Deurskynendheid, sodanig dat dit die wette van perspektief met betrekking tot die oordekking van figure oorskry.
3. Afwesigheid van enige liggaamsdeel. (Nie dele waarvan die afwesigheid deur profielaansig verklaarbaar is nie. Let, benewens groter liggaamsdele, ook op oë, neus en ore, indien nie deur hare bedek nie; vingers, byvoorbeeld in 'n sirkelvormige hand.)
4. Die neus slegs deur twee kolletjies vir neusgate aangedui.
5. Die mond aangedui deur 'n enkele strepie - nie wanneer daar arsering ("shading") is nie.

6. Een of beide hande agter die rug. (Nie van toepassing op profieltekeninge wat net een arm toon nie.)
7. Baie growwe of eienaardige klere. (Naak-, semi-naakfigure; ook figure met baaikostuums.)
8. Arsering van die liggaam.
9. Afwesigheid van afgrenssingslyne in die figuur (byvoorbeeld mou, boordjie, kraag, roksoom, ensovoorts).
10. Figuur duidelik van balans af.
11. Figuur besonder klein (kleiner as die helfte van die lengte van die bladsy).
12. Opvallende ongewone arsering of afwerking van die gebied waar die bene bymekaar aansluit („crotch area“).
13. Afwesigheid van buuste in vroulike figuur.
14. Teenoorgestelde geslag eerste geteken.

Maksimum telling = 26 strafpunte.

BYLAE C

VOORBEELD VAN TOETSBOEKIE VIR RORSCHACHTOETS

Naam: Ouderdom:

L.W. MAAK JOU ANTWOORDE SO VOLLEDIG AS MOONTLIK.

KAART I:

KAART II:

KAART III:

KAART IV:

KAART V:

KAART VI:

KAART VII:

KAART VIII:

KAART IX:

KAART X:

BYLAE D

RORSCHACHSKALE

VERSPERRINGSKAAL

Ken een punt toe vir die teenwoordigheid van elk van die volgende response.

1. Alle afsonderlike kledingstukke soos kroon, persoon in spoggerige kostuum, ensovoorts. Die paar stewels in kaart IV en die strikdas in kaart III is nie as Versperring gereken nie, omdat dit so baie voorkom.
2. Diere (indien meer as die kop gesien is) waarvan die vel of skubbe kenmerkend is: krokodil, seekoei, tier en leeu. Kaart IV is nie as Versperring gereken nie. Ander response soos „wollerige vel”, ensovoorts is egter as Versperring gereken. Krappe en krewes is ook nie as Versperring gereken nie, omdat dit te dikwels voorkom.
3. Omringde of ingeslote openinge in die aarde, byvoorbeeld vallei, mynskag, ensovoorts.
4. Buitengewone houeragtige begrippe, byvoorbeeld swanger vrou, kangaroo en uier.
5. Oorhangende en beskermende oppervlaktes, byvoorbeeld sambreel, skild, koepel en helm.
6. Objekte met spesiale beskermende buitelyne of wande, byvoorbeeld tenk, vuurpyl en man in harnas.
7. Objekte wat bedek, omring of verberg, byvoorbeeld man onder 'n kombers of pot bedek deur 'n rankplant.

8. Voorwerpe met n buitengewone houeraagtige eienskap, byvoorbeeld troon, stoel en bad.
9. Gewoonlik word geboue nie in dié kategorie getel nie, behalwe die volgende: fort, igloo, tent en kasteelboog.
10. Instrumente soos "tang" is nie getel nie.
11. Ander response is: Mandjie, gordyn, grot, kokon, bakkie, pot, muurpapier, n meer deur land omring, n gloeilamp, n hawe en koek met versiersels.

DEURDRINGBAARHEIDSKAAL

Ken een punt toe vir die teenwoordigheid van elk van die volgende response.

1. Response wat dui op deurdringbaarheid en deurdringing van die buitewande of oppervlaktes soos: koeëlwond, gebreekte bak, halfverrotte blare, X-strale, persoon wat bloei, dwarsdeursnee van n orgaan, ensovoorts.
2. Alle liggaamsopeninge waardeur van buite na binne gereik kan word, byvoorbeeld mond, vagina, neus, ensovoorts.
3. Alle verwysings na n oop mond, hetsy by inneem of ekspulsie, byvoorbeeld hond wat eet, seun wat spuug en persoon wat sy tong uitsteek.
4. Alle voorwerpe wat geen definitiewe wande of oppervlakte het nie, soos spook, sagte modder, skaduwees, ensovoorts.
5. Opening in die aarde sonder spesifieke grense, byvoorbeeld moeras, fontein, geiser, bodemlose afgrond, ensovoorts.
6. Deurskynendhede: deurskynende klere, ensovoorts.

7. Ander response is: n deur, dier wat aan iets kou, n hawe-ingang, geskeurde klere of vel, legkaartdele, dele van n vlinder en geraamte.

BYLAE E

TOETSBLAD VIR ASSOSIATIEWE OPNOEMINGSTOETS

Naam: Ouderdom:

Skryf onder elke hoof, hieronder, tien (10) name neer.

Name van Kleure	Name van Liggaamsdele	Name van Beroepe

BYLAE: F
Foto's in Tachistoskopiese Liggaamsbeeldtoets.

